DIE WÊRELD VAL UITMEKAAR

Beslis 'n grootse voorreg om hier te wees, om hierdie mooi getuienisse te hoor van hierdie broers wat ons Here Jesus liefhet. Nou, ek lewe nog op die—die . . . Hoe sal ek sê? Die inspirasie wat ek ontvang het van die boodskap, een van hulle, gisteraand; natuurlik, hulle almal. Maar dit het my geïnspireer, tot hierdie broer hier, gedink aan sy beproewing; soos Hy gemaak het, het Job beproef, en, maar hy was dubbel aan die einde. En ek dink dis wonderlik om daar te sit, te luister na iemand se getuienis, dan kan jy hulle lewe vergelyk.

2 Ek het daaroor gepreek onlangs by Phoenix: "om onsself met Christus te identifiseer," en onsself met Hom te identifiseer in die Bybel. As ons in daardie dag gelewe het, met watter groep sou ons geïdentifiseer gewees het?

3 Dan, gisteraand, toe Broer Crow, ek meen dit was sy naam, wat ons hierdie wonderlike boodskap gebring het van sy getuienis. Ons het daar gesit, 'n paar oomblikke gelede, mekaar se lewe vergelyk. En beide synde Baptis; formele boksers, ensovoorts, en ons laaste gevegte, wat plaasgevind het. En toe het ek dit beslis geniet. Ek is bly hulle het dit op band opgeneem.

4 En nou, vanmôre, ek weet ons het 'n—'n banket of 'n middagete hier, vir die predikers, oor net 'n rukkie. En—en . . . ['n Broer sê: "Nee. Dis al die mans, vanmôre."—Red.] Hoe sê? ["Al—al die mans."] Mans. Ja. En dan, vanaand, ek dink dat die banket is by die . . . ["Predikers, enigeen wat wil, al die mans wat wil kom."] Ja. Enige man, prediker of lekebroer. [Broer Demos Shakarian sê: "Die—die—die middagete is nie voor twaalf-dertig nie."] Twaalf-dertig. ["So dis twee—twee uur, twee-en-'n-half uur, twee uur van nou af. Sien?"] Gawe persoon, Broer Shakarian, en sy vrou.

5 Suster Williams, ek wou iets sê, maar ek sal nie. Broer Carl, sy getuienis, 'n ruk gelede, was uitstaande. So ek . . . Eerste keer dat ek dit ooit geweet het, so lank as ek jou geken het, maar dit was—dit was baie mooi. Ek—ek leer 'n les deur alle dinge. Doen ons dit nie? Reg.

6 So, dan, vanaand, sal ek praat oor die onderwerp, vanaand, as die Here wil: "Daar het hulle Hom gekruisig."

7 En nou, vandag, net vir 'n klein verandering van posisie, voor ons oor 'n klein onderwerp praat. Ek het gister in julle stad ingekom, vir my eerste keer, sal my tweede keer wees wat ek praat. Ek het 'n . . . In New Mexico, ek het eenkeer 'n diens daar in Carlsbad gehad, vir 'n paar aande. Maar ek het nooit die voorreg gehad om hier na hierdie lieflike plek te kom. En ek—ek hou daarvan om vroeg in te kom, en soort van rond te voel en

te sien die . . . wat die behoefte van die stad is. Nou, ons behoort nooit stad toe te kom, as predikers . . .

8 Nou, sakemanne, dit is 'n konvensie. Julle is hier om julle besighede te gesels, en julle sorge en seëninge, om hulle saam te deel. En dis baie mooi.

9 Maar as 'n prediker van Christus, kom ons hierheen om die geestelike toestand uit te vind. En dan nie hierheen kom om gehoor of gesien te word nie, maar hierheen kom om iets te doen om God te verheerlik, om die ding te bring tot—tot 'n beter begrip van God. En nou het ek my onderwerp verander, vanmôre.

10 En nou, voor ons die Skrif lees, wonder ek of ons kan staan net as 'n wyse om die liggaamspostuur te verander vir 'n paar oomblikke, vir 'n woord van gebed. En nou, voor ons bid, as daar enigeen hier is wat graag aan gedink wil wees in die gebed, sal julle net julle hande opsteek. Maak nie saak wat dit is nie, Hy weet wat onder jou hand is. En ek het altwee myne omhoog.

Laat ons nou ons hoofde buig, soos ons tot Hom nader.

11 Ons Hemelse Vader, ons is baie bevoorregte mense om saam te sit vandag in Hemelse plekke in Christus Jesus, deur een Gees, almal gedoop tot hierdie een Liggaam, en die voorreg te hê om hier saam te kan sit en te deel in die seëninge van die getuienis van hierdie, U kinders.

12 En nou, waar die uur laat word, wil ons nie graag hierdie mees deurslaggewende tyd, vir my deel van met die mense praat, senuweeagtig ingaan, of dink ons moet uit haas nie. Maar ons bid dat U ons gemoedere sal stilmaak, 'n paar oomblikke, en verder luister vir U vermanings aan ons, en U waarskuwings. En ek sal op U wag, Vader, vir hierdie dinge.

13 En nou bid ons dat U hierdie sakemanne se tak sal seën, hierdie Christelike, volle Evangelie manne, dat hulle getuienis steeds ver en wyd mag sprei, tot die glorie en eer van ons Here.

14 En nou is ons gelukkig om te weet dat daar 'n tyd kom wanneer die koninkryke van hierdie wêreld die koninkryke sal word van ons Here en van Sy Christus, dat ons sal regeer en heers op die aarde met Hom, 'n duisend jaar. Ons sien vooruit na daardie tyd. En het gehoor die manne praat van hulle versoekings, en hoedat Satan ons Here geneem het bo na die top van die berg, en in 'n oomblik van die tyd Hom al die regerings en koninkryke van die wêreld gewys het, en hulle vir Hom aangebied het, maar Hy het hulle botweg geweier, omdat Hy geweet het dat Hy hulle eendag gaan beërwe. En ons kyk nie nou soveel na dinge wat tydelik aangaan nie, maar ons kyk na die einde van die pad, waar die belonings gegee word.

15 Vader, ons bid, vanmôre, dat U ons hart gewyd sal maak voor U, soos ons luister. Bid dat U tot ons sal spreek, Here, deur menslike lippe. Mag ons U hoor deur menslike ore. En mag ons

dan, op ons beurt, alles gehoorsaam wat U ons beveel. Ons wag nou op U soos ons U heiligste Woord lees, tot waar ons—ons grondlegging van ons geloof lê in die geskrewe Woord. Ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

16 En nou, in die Woord, wil ek graag hê julle moet blaai vir 'n paar lesings van die Skrif, veral op twee plekke, vir 'n paar notas wat ek hier neergeskryf het, wat ek graag wil, soos 'n Sondagskoolles, kommentaar oor lewer vir 'n paar oomblikke, as julle wil. Deuteronómium 4, eerste, Deuteronómium 4:10 en 11. Ek wil graag hierdie verse lees.

> *Die dag dat jy voor die aangesig van die* HERE *jou God by Horeb gestaan het, toe die Here aan my gesê het: Vergader die volk vir My en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer.*
>
> *Toe het* hy *nadergekom en onder aan die berg gaan staan; en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemel,* en die donker *wolke en wolkedonkerheid.*

17 En dan in Hebreërs 12:25. Ons lees hierdie Woorde uit Hebreërs 12:25.

> *Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat . . . uit die hemele spreek . . . Hy uit die hemele spreek.*

18 Nou, hierdie is soort van snaakse Woorde om te lees by 'n—by 'n sakemansontbyt, maar mag die Here hulle aan ons harte seën. En nou wil ek graag hierdie onderwerpie neem. Dat ek was . . . Vanmôre, was op my hart gewees om oor 'n onderwerp te praat: "Bloed aan die Boodskap." En ek het dit net verbygegaan, om een of ander rede, weet nie waarom nie. Maar ek wil hier 'n teks maak, vanmôre, van die snaakse een, maar dit noem: *Die Wêreld Val Uitmekaar.* Dis 'n snaakse teks, maar ek—ek voel gelei om daaroor te praat: *Die Wêreld Val Uitmekaar.*

19 Ons is nou hier in, synde wat ons noem "goeie Vrydag," of God se goeie Vrydag. Ek weet nie hoekom ons dit so noem: "goeie Vrydag," nie. Maar ons is net by die begin, by 'n ander reeks van—van vakansiedae, heilige dae wat die wêreld eenkant sit, die Christenwêreld, om—om te vier ter herdenking, groot Skriftuurlike gebeurtenisse wat plaasgevind het in die vergange tye, groot dinge wat plaasgevind het. En ons gebruik hulle en maak 'n tyd van feesviering vir daardie dinge wat gebeur het. As God . . . As—as God hier was in hierdie Christenwêreld op die oomblik, en wat die Christenwêreld genoem word, wonder ek wat Sy houding sou wees teenoor ons manier van feesvier wat

ons het ter—ter gedagtenis aan hierdie groot dae en tye wat—wat was.

20 En mense kom bymekaar, in die hoop om iets uit te vind. Hulle wil weet, om ’n oplossing of een of ander soort sisteem te vind, ’n tyd van lewenslyn, om ons wêreld aanmekaar te hou. Ons vergader vanmôre hier vir daardie doel.

21 Mense ontmoet in verskillende kringe, om uit te vind daar’s iets verkeerd. Ons weet almal daar is. En daar’s iets verkeerd in die wêreld, en ons moet dit probeer uitvind. En mense vergader in hierdie kringe om uit te vind wat die oplossing is. Dit het baiekeer in ons wêreld gebeur, wat ons noem “uitmekaarval.” Ons lewe in die tyd dat wanneer ons—ons . . . nie net ons nasie nie, maar ons hele wêreld uitmekaar val. Dit lyk of daar niks is wat die fondament het, wat is, wat kan staan nie.

22 Ons het probeer met soveel verskillende dinge. Ons het—ons het probeer om die wêreld op te voed, tot ’n begrip vir mekaar. Ons . . . En ons het verskillende stelsels gehad van Volkerebond, en V.N.’s, ensovoorts, om te probeer om begrip by die mens te bring. Die Christenwêreld het die mense tot ’n begrip probeer opvoed. Ons het hulle probeer denomineer tot ’n begrip. En dit lyk of ons reg terug is, soos dit altyd gebeur het, die hele stelsels val uitmekaar, iets verkeerd.

23 Ons wil, ernstig hieroor dink, vir die volgende paar minute. Moet dit nou nie sommer net ingaan nie, net om te sê: “Wel, ons het daarheen gestap, en ons uit gaan sit. Ons het ontbyt gehad. Ons het getuienisse gehoor, ensovoorts.” Maar laat ons, met ons hele harte, hierby kom en daaroor dink.

24 Onthou, dis ons lewe, en daar’s niks meer belangrik as ons lewe nie. Daar’s niks belangriker nie, maak nie saak hoeveel ons bekom in die wêreld, of hoe groot ons hier word nie, maar ons moet aan die einde van die pad kom. En dan die . . . Dis ’n deurslaggewende tyd, en ons moet dit benader met al die erns waarvan ons weet.

25 Toe, die mense in ander tye, toe die mense een of ander manier van oorlewing probeer vind het, en hulle na stelsels gegaan het. En die enigste manier wat hulle na enige ander stelsel kon gaan, as die weg wat God neergelê het, is om van Sy Woord af weg te kom. Mense in ander eeue het dit gedoen, die vergange tye. Hulle het almal probeer wegkom, en het die wêreld probeer bekeer, en maak ’n stelsel van politiek, en verskillende dinge om te probeer beheer en die—die wêreld bymekaar hou. En, hulle, ten einde dit te doen, moet hulle afwyk van God se plan van dit te doen. Sien? Hulle is . . . God het ’n manier om hierdie ding bymekaar te hou. En die enigste manier dat mense ooit een of ander ander manier kan aanvaar, hy moet afwyk van die oorspronklike manier.

26 Julle sien, voor daar 'n leuen kan wees, moet daar 'n waarheid wees waar daardie leuen vanaf kom, omdat 'n leuen die waarheid is wat verdraai is. Alle sonde is—is geregtigheid wat verdraai is. Dis alle sonde is, is om . . . Sien? Die Duiwel kan nie enigiets skep nie. Hy verdraai wat God geskep het. Daar's net een Skepper, en dis God. 'n Leuen is 'n waarheid wat verdraai is. Egbreuk is die regte daad wat verdraai is. En enigiets is, wat verkeerd is, is die regte wat verdraai is.

27 So, daarom, om enige ander sisteem te neem, om die wêreld bymekaar te hou, as God se sisteem, dis 'n verdraaïng. So enigiets wat verdraai is, moet 'n einde hê, want alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Dis die dinge wat nooit begin het nie, wat nooit sterf nie, nooit 'n einde het nie.

28 En daar's net een ding wat nooit begin het nie, en dit was God. Daarom, die enigste wyse waarop ons ooit Ewig kan lewe, is om God se Eie Lewe in ons te hê, en dis Ewige Lewe. En ons . . . God het Homself verdeel onder ons, en het Sy Gees gegee soos Hy op Pinkster gemaak het, en Dit is gesien in simbole van Vuur, van die Vuurkolom, wat Homself onder die mense verdeel het, om Sy Eie Lewe uit te gee aan die mense. En hierdeur, behoort die gemoed van Christus onder ons werksaam te wees.

29 En God is die Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." En Dis steeds God, dis reg, is die Woord. En wanneer ons wegraak van die Woord af, dan is ons weg van God af. Jesus het gesê: "As julle in My bly . . . " Daar's hulle verborgenheid. Daar's die geheim. "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra dan wat julle wil." Sien? Die Idee is eerste. God se Woord moet *hier* bly.

30 Jy kan nie geloofsbelydenisse en ismes, ensovoorts, neem en hulle in jou inhamer, en sommige dogmas neem en dit meng met die Woord van God, en dan wil hê God moet dit eer nie. Dit moet absoluut, suiwer, onvervals, die Woord van God wees, en dis al. Dis al. God sal nie enigiets verdraaid vermeng nie. Hy's absoluut God, dwarsdeur.

31 Nou, altyd, in alle tye, het ons hierdie dinge gehad, van mense wat—wat probeer het om die Woord van God te verdraai, en om 'n ander soort sisteme te neem. En—en hulle vind, na 'n lang tyd, vind hulle net soos ons vandag sien, hierdie 1963, vind die wêreld val uitmekaar. Doen dit beslis. Want, dit kan nie hou nie, nie meer as wat Daniël gesê het in—in sy visioen, die interpreteer van die konings, dat, net so min as yster en klei sal vermeng, so min meng die Woord van God met enigiets anders. Dit sal dit net nie doen nie. Dit moet die Woord wees. Dis al.

32 Nou ons vind dat politiek, in die dae van—van die wêreld waarin Noag geleef het, oorgeneem het. En die opvoedkundige program en die groot besigheidswêreld van daardie dag het—het homself aansienlik gemaak tot op 'n punt waar die—die bou van

die geboue, van die piramides en sfinkse, en iets wat ons geensins vandag so kon bou nie.

33 As enigeen ooit in Egipte was, en die—die piramides ensovoorts gesien het, ons het nou niks wat ooit een soos dit sou kon bou nie. Nee. Maar hulle was verder gevorderd as wat ons is, in opvoeding. Hulle was verder gevorderd in wetenskap.

34 En toe het hulle kom uitvind, die wêreld begin uitmekaar val. En God het vir hulle 'n boodskap gestuur, maar hulle het dit geweier. En dit was 'n eenvoudige, baie eenvoudige boodskap, deur 'n baie eenvoudige boer, maar hulle het dit geweier en dit verwerp. En hulle wêreld het uitmekaar geval. Presies.

35 Dieselfde ding het plaasgevind in Sodom, die tyd van Sodom, toe onsedelikheid aan die—aan die opkom was. En hulle het stede gebou, ensovoorts. Maar, het kom uitvind, God het Sy sisteem daar ingestuur, toe het hulle dit geweier, en dit het uitmekaar geval. Doen dit altyd.

36 Nou, dieselfde ding bestaan vandag. Ons is net in dieselfde dag as wat dit was. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Sodom, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens," die hele ding verkrummel en val uitmekaar. Die . . . Dis op sand gebou, en dit moet wegspoel. En ons vind daardie groot tyd soos wat dit toe was, so bestaan dit—dit vandag.

37 En in die tyd van die koms van ons Here Jesus, in die vroeë dae van—van toe Hy gebore is, vind ons daardie wêreld, in daardie dag, aan die uitmekaarval, toe Hy in die wêreld gebore is. Ons vind uit dat die godsdienstige wêreld . . . Soos waaroor ek wil praat, vanaand, oor die kruisiging, rondom iets van daardie aard. Hulle . . . Ons vind dat die Jode die sisteem sommer so besmet het wat God hulle gegee het, in Sy Woord, totdat daar geen opregtheid meer was nie, hulle—hulle—hulle offerhandes, alhoewel hulle dit uitgevoer het, letterlik. En hulle het hulle offerhandes gemaak. Wanneer die Jood . . .

38 Niks soeter as God wat 'n plaasvervanger aanvaar nie. Wanneer, die mens gesondig het, en God die plaasvervanger aanvaar het. Vol genade, was Hy, om so-iets te doen. Wanneer die Jood in die pad afkom, met sy bul of sy lam, om dit te gaan offer vir 'n offerhande, en hy het dit uit die diepte van sy hart gedoen, was 'n groot ding. Maar, naderhand, het dit 'n familie tradisie geword. Hulle het net afgegaan en die bul geoffer, en: "Wel, dit word tyd vir die offerhande, so ons sal net gaan en hierdie sekere bul offer."

39 Dit het 'n—'n tradisie geword. Ek is byna oortuig om te glo dat dit is wat met ons Christensisteem gebeur het. Dat, in ons verskillende denominasies en—en klieks wat hulleself Christene noem, ons by daardie punt gekom het. Tot waar . . . En selfs tot

ons, Pinksters. Nou, onthou, medisyne gaan aan die hele familie. En ons, Pinksters, raak ook so. En ons het gewonder.

40 Die hele Pinksterwêreld val vandag uitmekaar. Die hele sisteem, van Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, die—die hele godsdienstige sisteem val uitmekaar. Ons sien dit. Ons weet dis die waarheid. Ons nasionale politieke wêreld val uitmekaar. Die hele ding is op 'n einde. Soos Jesaja gesê het: "Dit het vol etterende sere geword." Dis, net, die hele liggaam is korrup.

41 Daar is iets moet gebeur. En dit gaan bokant enige mensgemaakte begripsisteem wees, wat dit weer na sy regte toestande toe terug sal moet bring.

42 Ek weet dis 'n nare prentjie, maar dis die waarheid. Ons moet dinge sien net presies wat hulle is, en daar's geen nodigheid om dinge oor te sê, of te oordek nie, liewer, maar kom net uit en sê die waarheid daaroor. Reg is reg, en verkeerd is verkeerd. Sien? En ons moet daarna kyk.

43 En ons sien die nasies vandag. Ons—ons politieke en nasionale lewe is vrot tot op die kern. Dis alles vol—vol dinge, of televisie-korrupsie, alle soorte vuil, smerige grappe, en kwinkslae, en voor ons jongmense.

44 En die—die skole is so korrup! Goeiste! Ek kom van Arizona. Ek—ek was by een van die groot skole, nou die dag, en sien daardie jong dames en mans, seuns, daar op daardie kampus, wat daar rondlê. Ek het gesê: "Ek hoop ek hoef nooit een van my kinders na 'n plek soos hierdie te stuur nie."

45 En met sulke korrupsie, tog, word—word Amerika genoem. Van die ergste wat ek ooit gesien het, is gedrag van Amerikaners in—in verskillende dele van die land. Ons praat altyd van een of ander ander land. Ons moet liewer voor ons eie deure skoonvee voor ons enigiets oor iemand anders kan sê.

46 En ons Pinksters behoort ook 'n bietjie ons eie deur te vee, voor ons begin raas oor die Presbiteriaan en die Baptis. Want, ons sisteem is net so korrup en aan die uitmekaar val soos hulle s'n is. Sien? Ons leef maar in daardie dag.

47 En nou wil ons onthou dat, in hierdie dae dat Jesus gebore is, ons vind dat hulle dieselfde soort sisteem gehad het. Hulle het geen opregtheid gehad nie. Hulle het net gegaan en—en 'n Jood geword, en is besny die agtste dag. En hy het werklik 'n Jood geword.

48 Wel, ons het dieselfde ding vandag. Hulle neem hulle na die kerk toe en doop die babas. En—en dan voor jy jou kom kry, wel, behoort hulle aan daardie kerk. En jy vra hulle of hulle 'n Christen is. "Sekerlik, ek's 'n Christen. Ek's 'n Amerikaner."

En eenkeer in 'n gebedsry, het ek 'n dame gevra, eenkeer: "Is jy 'n Christen?"

49 Sy het gesê: "Wel, ek sal jou laat verstaan, ek brand elke aand 'n kers." Nou, asof dit enigiets met Christendom te doen het.

50 Een het gesê: "Ek's, wel, ek's 'n—ek's 'n *so-en-so*. Ek behoort aan die Presbiteriane. Ek's *dit*." Dit beteken steeds niks nie.

51 Dis niks meer as wat jy 'n brandmerk op 'n koei kan sit nie. Jy—jy sou 'n Hereford-merk kon plaas op 'n aasvreter. Dit sal nie die geringste verskil maak nie. Dit verander nie die binneste van die persoon nie. Jy is wat jy is, deur jou geboorte, en dis in Christus. Sien? Ons—ons het net hierdie brandmerke, en—ensovoorts. Dis, ons . . . Ons het die hele ding in 'n sisteem en in 'n gemors.

52 En ons vind dit op hierdie manier in die tyd van die koms van die Here Jesus. Soos ek gedink het, bring Sy lewe in, tot Sy geboorte en Sy bediening; dan, vanaand, Sy kruisiging. Hele ding begin korrup word. Hulle het die Woord van God sonder uitwerking gemaak, deur hulle tradisies, so die hele wêreld was aan die uitmekaar val. Elke nasie was op soek na iemand of een of ander sisteem wat hulle daaruit kon bring, dit is, om hulle bymekaar te hou. Hulle was so verdorwe dat hulle geweet het hulle kon nie uithou op die manier wat hulle gaan nie, en—en hulle het gesoek na iets om hulle bymekaar te hou.

53 As dit nie die beeld van ons wêreld vandag is nie, ken ek nie die wêreld nie. Dit is. Dis die beeld van ons wêreld vandag. Alles soek na 'n sisteem of—of iets om ons bymekaar te hou. Dis 'n beeld daarvan vandag. Dit was op soek na een of ander sisteem of iets wat sou keer dat dit uitmekaar val. Soos dit toe was, so is dit nou weer. Dit word weer herhaal.

54 Die godsdienstige wêreld het toe gesoek na 'n beloofde Messias. Die Jode sal jou almal sê, baie stoere gelowiges: "Sekerlik, ons soek, vierduisend jaar, na 'n Messias. En ons glo dat Hy—Hy kom. Sekerlik, ons glo dit." Die politieke wêreld van daardie dag was op soek na 'n Messias. En al die res van die nasies, elkeen, was op soek na die Messias. En toe Hy gekom het, het hulle aan Hom gedoen net soos hulle op ander tye gemaak het.

55 Hulle was op soek na iets om hulle bymekaar te hou in die dae van Noag. En toe God hulle 'n boodskapper gestuur het, wat het gebeur? Hulle het dit weggewys.

56 En hulle soek daarna, alle eeue. Dis hoe dit gebeur. Hulle sommer . . . God sal dit na hulle stuur. En dan sal hulle net . . . Hulle wys dit weg. Want, hoekom? Dit val nie in hulle smaak nie. Sien? Hulle—hulle wil dit nie hê op die wyse wat God dit wil stuur nie. Hulle wil dit hê soos hulle dit wil hê. Hulle het dit alles uitgewerk, hoe dit moet wees, en as dit nie so kom nie, dan: "Dis nie van God nie." Sien? Dis hoe dit nog altyd was.

57 Dis dieselfde ding vandag. Dit kom nie in die smaak van ons teologiese smaak nie. Maar Dit kom by wyse van die krag van die

demonstrasie van die manifestasie van God se belofte vir die eeu. Presies. Maar, tog, soos dit toe was, weier hulle Dit. Hulle het Dit toe geweier. Hulle het Dit vandag geweier, want Dit voldoen nie aan die verwagting van die dag volgens die wyse wat mense Dit verwag nie.

58 God het 'n verwagting. God weet wat gaan gebeur, omdat Hy oneindig is, so daar gaan niks verkeerd nie. Dit gaan alles net presies reg, omdat Hy oneindig is. En Hy kan die einde van die begin af voorspel, omdat Hy God is. Moenie dink Satan loop Hom met iets in nie. O, nee. O, nee. Dit werk net alles uit om Sy eienskappe te vertoon, dis al. Hoe sou 'n groot oneindige God kom, Wat alles geweet het, en enigiets laat. . . Dis net die eienskappe van God wat vertoon word.

En jy vertoon jou lewe, na die een of ander kant toe.

59 Dis waarom ons sisteme inkom, en hulle enigiets kan aanvaar, wat by wyse van sisteem is, is net omdat hulle wegraak van die oorspronklike geskepte wyse wat God gemaak het vir hulle om dit te doen. Sy manier van—van dinge stuur, val somtyds nie in ons smaak nie. Wonder, vandag, as God ons roep beantwood vir ons Messias waarvoor ons vandag roep, wonder ek of ons dieselfde ding sou doen wat hulle destyds daar gedoen het.

60 Nou, ons soek almal na iets. Ons weet dit, altyd. Almal soek na iets. Ek het geluister, hierdie skare. Ek luister na sakemanne. Ek gaan na die predikers toe. Ek gaan na die verskillende denominasies toe. Almal verwag iets. Die nasie, wat politieke praatjies aanhoor, hulle soek na iets om na vore te kom. Wat is dit? Ek hoor dit in die Christen Sakemanne. Ek hoor dit in die konvensies. "O, die groot tyd wat kom! Die groot tyd wat kom!" Nou, onthou julle net, dit sal kom op 'n heeltemal ander wyse as wat julle dink dit sal kom. Sien? Dit sal glad nie dit wees, waaraan jy dink nie. Dit was nog nooit. Sien?

61 En ons politieke wêreld, vandag, en ons godsdienstige wêreld, is net presies soos dit was in die dae van die eerste koms van die Messias. Dis besmet. Die hele sisteem is verrot. Ons politiek, dit kan nie erger raak nie. En ons godsdiens, ek sien nie hoe dit enigsins erger sou kon word as wat dit nou is nie. Die hele ding is korrup; ons politieke wêreld, mensgemaakte sisteme, en—en modes. Ons net. . .

62 Ons wil alles net hê, alles, sodat ons dit gemaklik kan hê en kan aftree, en die lewe gemaklik vat. Die lewe is nie bedoel om maklik te wees nie. Die lewe is 'n stryd. Enigiets wat lewe het, is in 'n stryd. Kyk na die bome, hoe hulle swoeg. Kyk na enigiets wat lewe het; dis 'n stryd. En wanneer ons probeer om een of ander sisteem te kry wat dit maklik vat, dan is ons verkeerd. En ons weet daar's iets verkeerd.

63 Ek het geluister, vandag, van ons—ons televisie en—en programme, en ons koerante, en al hierdie dinge wat aan die gang

is, en almal vertel 'n grap. Probeer kry . . . Amerika is gebou op 'n klomp gelag, een of ander soort grap, soos Ernie Ford en al daardie televisiesterre. Om almal te laat . . . En ons films is so korrup, dit kan net nie meer korrup wees nie. Dis al.

64 Dit bring my op die gedagte van 'n seuntjie wat deur 'n begraafplaas gaan, fluit—fluit, probeer om homself te laat dink hy's nie bang nie. Maar dis waarom hy fluit. Sien? Hy's bang. En dis wat die probleem is. Jy probeer, die wêreld vandag, probeer dit weglag. Amerika is 'n grap, en weet ons dae is getel. Sy is geweeg op die skaal en te lig bevind. As God Almagtig nie hierdie nasie aan flarde skeur nie, sal Hy—sal Hy teenoor Sodom en Gomorra verskuldig wees, om haar op te wek en verskoning te vra vir Sy afbrand van haar. Reg. Ons is gedoem. Die hele wêreld is gedoem. Sy val uitmekaar, en daar's geen manier om dit te red nie. Sy het haar dag van genade al weggesondig.

65 Ons praat van herlewing? Ons leef op die as van die herlewing. Dis verby, lankal. En tog probeer ons een of ander sisteem bo-op iets bou. O, goeiste! Dis korrup. Ons moet weer begin om . . . Hulle, ons godsdienstige programme, word beslis 'n stank in die neusgate van God, soos dit in die dae van Israel was, ons Metodiste program, ons Baptiste program, ons Pinksterprogramme.

66 Iemand het vir my gesê, lank, nie lank gelede nie: "Jy het daardie Pinksters soveel veroordeel, waarom bly jy by hulle?" Ek het hulle lief. Dis die rede. Liefde is teregwysend. As dit nie . . .

67 Wat as 'n kindjie in die straat staan, en—en hy maak daar 'n modderhoop in die middel van die straat, waar daardie karre verbygaan? Sê jy: "Kind, seën jou hartjie, skat. Jy behoort nie daar te sit nie. As jy gereed is, kom in." Dis nie liefde nie. Jy het nie jou kind lief nie. En jy sou hom daar vat, en hom uit daardie straat pluk. En vir jou 'n lat kry en hom leer hy moenie weer daarheen gaan nie, as jy hom regtig liefhet.

68 En dis wat die probleem is met ons bediening vandag. Hulle is daar. Dis 'n etekaartjie. Dis 'n denominasionele affêre, en hulle is bevrees om die Evangelie te hanteer soos Dit hanteer behoort te word. Totdat hulle daar is, moet jy dit tot waarheid bring. Daar's iets verkeerd, en ons weet dit. Ons beywer ons vir sisteme in plaas van die Koninkryk van God. En ons weet daar's iets verkeerd. Dis korrup.

69 Ek dink ons Pinksterdae het 'n stank geword. Ons speel die musiek, en spring op-en-neer in—in die paadjies, en dans, en hardloop op-en-af. En vroue met geknipte hare, en lipstiffie aan hulle gesigte, en sulke dinge. En hardloop hier rond, dans in die Gees, met 'n . . . noem dit, 'n rok aan wat styf genoeg is om die vel aan die buitekant te sit. En ons verwag van God om ons in so 'n sisteem soos hierdie te ontmoet? Nooit sal Hy dit doen nie. Julle

weet, God kom nie op jou terme nie. Jy kom op Sy terme of jy kom glad nie.

70 O, ons praat van mense wat inkom en die Heilige Gees ontvang, en sulke dinge. En ek het . . . Sekerlik, ek waardeer dit. Ek waardeer dit wel. Maar kyk bietjie hier wat ons gedoen het, vriende. Ons het ons denominasies gebou op sekere bewyse, soos neem die praat in tale. Ek glo in tale, sekerlik, maar alles wat in tale praat het nie die Heilige Gees nie. Ek's 'n sendeling. Ek het hekse in tale sien praat en interpreteer, en die regte interpretasie daaraan gee, en bloed drink uit 'n menslike skedel, en die Duiwel aanroep. Reg. Kom terug na die Woord van God waar julle behoort. Kom weg van hierdie dinge. 'n Lewe is wat tel in menswees, die Lewe van Christus. Hoe kan jy van Christus wees en aan hierdie vorms vashou? Kyk dan tot waartoe ons gekom het?

71 Die Pinksterkerk, toe dit begin het, vyftig jaar gelede, en die Heilige Gees begin val en die mense die gawe ontvang het van praat in tale, toe begin julle alles daarin inneem, denomineer *dit, dat,* en die *ander*. En kyk waarby is julle vandag, tot die hele ding verrot is. Dis reg. Die hele sisteem is korrup, en sy val net uitmekaar saam met die res van die wêreld. Alles moet dit doen.

"Maar ons het 'n Koninkryk ontvang wat nie beweeg kan word nie."

72 Nou, onthou, ons politiek het uitgegaan agter die wêreld aan. Ons kerke het uitgegaan agter die wêreld aan. Alles is besmet, ons dae, vandag.

73 Toe, ons was altyd, lank gelede, toe ek net kan onthou, toe ons ou Baptiste kerk daar in die staat Kentucky, toe het hulle daardie outydse vroue en mans gehad wat daar rondsit, by dit. Prediker, gisteraand, Broer Crow, gepraat van daardie dames met die kappies op. En—en hulle het altyd, wat hulle noem, geheilig geraak. Of, en hulle sou daar kom en uitroep, en—en die—die haarnaalde sou uitval uit hulle hare wanneer hulle geroep het, en—en op-en-neer in daardie paadjies geloop het, God geprys het. Wel, broer, daardie mense het genoeg godsdiens gehad om die Pinksterdag hom vir homself te laat skaam. En, dan, reg. Dit was Baptiste, Metodiste, en Presbiteriane. Reg.

74 En dan noem julle die Kentuckymense 'n—'n ongeletterde klomp. Laat jy 'n Kentucky, outydse moeder, haar dogter sien uitkom op straat, daar in daardie berge, met 'n klein kortbroekie aan, soos jy en ouma en die res van julle dra. Laat haar inkom, op 'n oggend, en haar klere half van haar af, opgedraai, en haar naelpolitoer, lipstiffie, of wat dit ook al is, oral oor haar gesig, was uit gewees met een of ander Ricky heelnag lank, in 'n opgewarmde kar, rondgery, kom in. Sy sou haar vol blase slaan, een van daardie okkerneuthoutlatte, sy sou vir ses maande nie uit die bed uit kon kom nie.

75 Dan noem julle julleself Pinkster? Kyk na die dag waarin ons lewe. En predikers is te bang om iets daaroor te sê van die preekstoel af, bang hulle sal uit hulle organisasie uitgesit word. Reg. Reg. Ons het 'n "terug na die Woord van God" nodig. Terug nie na een of ander emosie, 'n *sprake* van "terug na die Woord" nie, maar ek bedoel die hart en siel, in die indiwidu, terug na die Woord van God. Sekerlik. Wat het jy gedoen? Waarom is hulle bang om dit te sê? Raak jy aan die praat daaroor, sal jou organisasie jou uitsit. Dis reg.

76 Ek het pas 'n stukkie gelees wat iemand my gegee het, hier in die koerant. Dis, dit kom van Memphis, Tennessee. Dit word genoem *Die Tony Fontane Verhaal*. As jy 'n bespotting van 'n advertensie wil sien, kyk daarna in die koerant, veronderstel om Pinkster te wees. Dit word geborg deur die Gemeentes van God, een van die grootste organisasies van die Pinkster. Kyk daarna. Ek sal dit hier laat, 'n met kortgeknipte hare, Isébel-agtige vrou en een of ander Fransman daar. Noem jy dit bekering? Wel, dis emosie. Daar's niks daaraan van bekering nie. 'n—'n Gees van God sal 'n man of 'n vrou reinig, en hulle anders maak as wat hulle was. Reg. Maar wat het ons? Ons het Hollywood, wat in Pinkster inbeweeg het. Wat is dit? Vanweë hulle opvoedkundige programme, en die ding.

77 Dis waarom ons nie herlewing kan hê nie. Dis waarom iets nie kan voortgaan nie. Dis waarom ons voortgegaan het, omdat jy weer terug moet kom na daardie Woord, my broer. Reg.

78 So 'n jammerte 'n ding soos hierdie, onder die vaandel van 'n Pinksterbeweging. Jy sou nie kon sê God het so 'n ding geborg nie. Sekerlik nie. Maar wat is dit? Dis iets wat glans het. Julle het te veel televisie gesien. Julle is te veel verpersoonlik met die wêreld. Dis waarom die hele ding verrot is, en korrup, en uitmekaar val. Reg. Dit stink, voor God.

79 Ek gee nie om hoeveel julle in tale praat, hoeveel julle uitroep en rondhardloop deur die vertrek nie. Ek gee nie om hoeveel julle dit doen, of hoe groot julle groei, hoeveel hoogwaardigheidsbekleërs julle onder julle het nie. Dit het niks daarmee te doen nie. Julle behoort deel daarvan uit te sit, en die Heilige Gees onder julle te kry, dit sal julle reinig, en 'n ware kerk van julle maak. Daar lê die ding. Dis presies die Waarheid. Ons . . .

80 Wat ons nodig het, vandag, is 'n profeet van die Here om op die toneel te verskyn, met die Woord van God, wat nie toegee met die dinge van die wêreld nie. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis die enigste hoop wat daar is vir—vir 'n—'n lewe wat moet kom, iemand sal die Evangelie hanteer; nie met rubber-, godsdienstige handskoene aan, glo *soveel* en neem *soveel* weg nie. O!

81 En ons denominasionele verskil het ons nou verweef in omtrent negehonderd verskillende organisasies. Ons diakens

word toegelaat om twee of drie vroue te hê, en dien steeds as diakens. Somtyds sal 'n prediker een kerk verlaat en na 'n ander een gaan, omdat daar meer geld is by een plek as wat daar by 'n ander is. 'n Groter skare by een plek en 'n beter kerk, ensovoorts, het witbroodjies en marionette. En, o, goeiste!

82 Ons wil God-geroepe manne hê, stoer, oorkant uit die wildernis, met 'n boodskap wat soos Johannes die Doper, wat die vel sal afskud van sommige van hierdie sogenaamde godsdienstige bewegings.

83 Dis 'n sonde. Dit—dit bedroef die Heilige Gees. Somtyds, in die visioene gee die Here. . . Wel, ek sal nie nou daarop ingaan nie. Sien? Ek is nou die dag gevra. . . Nee, ek sal net. . . Ek sal ho-. . . Verskoon my.

84 Nou, tot die Boodskap van "val uitmekaar." Die dinge wat aangaan, die dinge wat nie behoort te wees—nie vreemd vir die kerk behoort te wees nie, maar tog is. Praat met hulle daaroor, wil hulle dit nie glo nie. Toe Noag gepraat het, het hulle dit nie geglo nie. Toe Moses gepraat het, het hulle dit nie geglo nie. Toe die profete gepraat het, het hulle dit nie geglo nie. Beslis. Hulle het hulle eie sisteme opgebou gehad. Ja, meneer.

85 Die pragtige deug, o, goeiste, van ons—van ons moederskap, die deug van ons Pinkstervroue, het gebuig by die heiligdom van die godin, Hollywood. En wat ons altyd "deug" genoem het, noem ons "mode." Dis 'n skande.

86 Iemand het vir my gesê, nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, sal jy nie wegbly van daardie vroue af, wat hulle hare knip, en kortbroek dra, en dinge nie? Sal jy nie? Sal jy nie?" Het gesê: "Mense beskou jou as 'n siener van die Here. Sal jy hulle nie vertel hoe om visioene te sien nie?"

87 Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's ken nie?" En hoe meer jy preek, hoe erger raak hulle. So, sien julle, die hele sisteem is verrot, val uitmekaar. Dis al.

88 God sal nie die wêreld red deur 'n organisasie of 'n sisteem nie. Hy sal dit red deur die Heilige Gees. En die Heilige Gees is die Woord wat gemanifesteer is. Dis die beloftes van God wat gemanifesteer is. Ja, meneer. Ons het ons tradisies gevat en die Woord van God sonder uitwerking gemaak, net soos hulle gemaak het toe Jesus gekom het. O, ja, meneer!

89 God het belowe om in ons behoeftes te voorsien, nie wat ons wil hê nie. Ons wil altyd iets hê, maar ons wil dit op ons eie manier hê. Jy sê: "Wel, ek—ek wil dit hê. Ek. . . Ja. Wel, Here, stuur vir ons *dit* en stuur vir ons *dat*." God ken ons behoeftes. Dis presies reg. Hy ken ons behoefte.

90 Wat as jou seuntjie jou sien skeer het met—met jou gewone skeermes, en hy sou sê: "Pappa, ek wil daardie skeermes hê"?

Jy weet van beter as om daardie kind daardie skeermes te gee. Wel, wat as hy sou sê: "Pappa, ek het jou dit sien doen"? Wel, dis anders. Jy's 'n volwassene. Jy weet hoe om die skeermes te gebruik. Jy's 'n volwassene. Jy—jy—jy het die intelligensie verwerf, om te weet hoe om die skeermes te gebruik.

91 En dan, baiekeer, sien ons Pinkstermense iemand in tale praat, of iets verrig 'n genesingsdiens, en dan raak ons hele sisteem korrup met 'n hele klomp vleeslike nabootsings wat aangaan. Hulle sien ander dit doen, maar God het jou dalk nie geroep om so-iets te doen nie. En wat maak dit? Dit bring vleeslike nabootsings wat bedenking bring op die einste saak wat God gestuur het. Wat maak dit? Sisteme.

92 As die Gemeentes van God daar 'n man het wat iets doen en God is met hom, en bewys, ons sien dit so, dan moet die ander groepe ook een hê.

93 Kyk na die klein vorm, nie lank gelede nie, toe die "klein Dawid" sisteem uitgekom het. Sien? En elke kerk moes 'n klein Dawid hê, dogtertjie-predikers en seuntjie-predikers. En wat was dit? Om te vergelyk, vergelyking, probeer naboots. Dis wat ons in die gemors laat beland het waarin ons nou is. Dis presies.

94 Wat het julle Gemeentes van God laat teruggaan na 'n organisasie waar dit die einste sisteem was waaruit God julle gebring het? Julle het probeer vergelykbaar wees met die Metodiste en die Baptiste. Wat het julle eenheid, met julle "nuwe uitgawe", wat het julle tot 'n organisasie laat raak, dieselfde ding waaruit Hy julle gebring het? Dieselfde ding. Julle hou net aan om dit te doen, oor en oor, en weer oor. Kan julle nie sien dit is nie van God nie? Die hele ding is verrot en verkeerd. God roep jou nie deur jou organisatoriese brandmerk nie. Hy roep jou deur jou Geboorte. Sekerlik. Dis waardeur God jou roep.

95 God ken ons behoeftes, en ons moet Dit aanvaar soos wat Hy Dit het. Nie volgens ons tradisies nie, ons kan dit net nie so ontvang nie, omdat God dit nie sal ontvang nie. God sal niks daarmee te doen wil hê nie.

96 Ons—ons sien ander. Jy sê: "Sien, iemand, ek. . .Broer Branham, ek sien 'n persoon wat *dit* kan doen, en party *dat*. Glorie aan God, Here!" Goeiste! As Hy het, sal Hy dit doen. As Hy jou so geroep het, sal jy nie enigeen daarvan hoef te vertel nie. Dit sal homself vertoon. Dis presies reg. Maar ons wil net soos die Jones'se wees, volgens die wyse waarop ons onsself in die sisteem ingekry het waarin ons nou is.

97 Nou—nou ons vind uit, in ons denominasionele politiek, en ons het politiek aanvaar, en laat politiek ons predikers lei, godsdienstige politiek ons predikers lei, in plaas daarvan dat die Heilige Gees ons predikers lei. Dis reg. Sien 'n man 'n Waarheid wat hy glo, kan hy nie Daarnatoe gaan nie, sy kerk sit hom sommer nou uit. Sien? So, sien julle, julle laat die

mens lei in plaas dat God lei, omdat julle dogmas van julle geloofsbelydenisse ensovoorts, 'n mens weghou daarvan. Hoe sou 'n Metodis ooit kon uitkom en—en die doop van die Heilige Gees verkondig? Julle Metodiste mense hier, julle Metodiste predikers, hoe sou julle dit ooit kon doen? Hoe sou julle Presbiteriane dit ooit kon doen en in julle kerk bly? Hulle sal jou uitsit. Julle weet dit. Sekerlik, hulle sal. En julle, Pinksters, net so erg. Dis presies. Solank as wat dit 'n sisteem is, is dit 'n sisteem. Die hele sisteem is verrot. En kom weg van die ding af, dis presies wat ons moet doen voor dit ooit weer terugkom.

98 Julle glo dit dalk nie, maar dit word op band opgeneem. Luister Daarna, 'n paar jaar van vandag af, as daar so-iets is, en julle sal weet of Dit waar is of nie. Eendag wanneer die Aandligte breek, dan is dit te laat, julle sal sê: "Wel, daardie man kon reg gewees het." Maar dis dan te laat.

99 Presies net wat Jesus gesê het toe Hy na die aarde gekom het. Hy het gesê God het vir hulle profete gestuur daar deur die eeue, elke keer dat hulle—hulle wêreldsisteem uitmekaar wou val, hulle godsdienstige sisteem. Het gesê: "Wat het julle met hom gemaak? God het die profeet gestuur en julle het hom in 'n grafkelder gesit. Presies. En dan omtrent nog 'n geslag, word julle wakker en besef dat dit 'n profeet was. En wat doen julle dan? Versier die grafkelder." Wat doen julle? Maak 'n tradisie van sy lewe. Dis presies wat Israel gedoen het, het die profeet Moses geneem en het 'n tradisie van sy lewe gemaak.

100 En dis hoe ons maak. Martin Luther, John Wesley, ander manne. Ons kyk altyd terug, sien, sien daardie dinge. En jy maak 'n tradisie van hulle lewe, versier hulle grafte. En hulle boodskap was vir 'n ander dag. Teen die tyd dat jy wakker word, wel, is by daardie dag al gelewe. Ons is in 'n ander dag. Die hele sisteem werk op daardie manier, van die begin af, mensgemaakte sisteme. Sekerlik.

101 Jesus, toe Hy na die aarde gekom het, het Hy gekom en die kerk en die wêreld in dieselfde toestand gevind wat dit vandag is. Ek glo Hy kom weer. Net presies. Ek glo dit. Daar's net een ding wat dit kan red, en dis die Koms van die Here. Daar's niks wat dit kan doen nie. Ek gee nie om nie. Ons, Metodiste, gaan dit nie doen nie. Of, ons, Pinkster, gaan dit nie doen nie. God sal dit doen, met die stuur van Jesus Christus. Ek glo dat Hy sal kom, net presies volgens die Skrifte. Hy sal kom. Ja, meneer.

102 Die hele ding het 'n—'n godsdienstige denominasie geword, gelei deur die denominasie in plaas van die Heilige Gees. Ons opvoedkundige sisteme en ons denominasies het ons gelei op soveel verskillende maniere, en: "het vorms van godsaligheid aangeneem, en die Krag daarvan verloën," presies net wat die Skrif gesê het ons sou doen. Die profeet het gesê, in Twee Timothéüs 3: "Dit tyd sal kom wanneer mense roekeloos,

verwaand, liefhebbers van genot meer as liefhebbers van God sal wees; woordbrekers, valse beskuldigers, bandeloos, en veragters van dié wat goed is, verraderlik, roekeloos, verwaand."

Julle sê: "Dis kommuniste."

103 Dis sogenaamde Christene. Die Bybel het gesê: "wat 'n vorm van godsaligheid het en die Krag daarvan verloën, keer jou van diesulkes af. Want dit is die soort wat van huis tot huis gaan, en dwase vroue lei, weggelei deur allerhande begeerlikhede, nooit in staat om te leer of tot kennis van die Waarheid te kom nie. Maar soos Jambres en Jannes . . . "

104 Onthou, hulle het dit presies gedoen. Hulle was—hulle was nabootsers. Daardie ding het die Pinkster se terreine getref soos dit die res van hulle het. Nabootsers! Toe Moses die staf neergegooi het, het Jambres en Jannes die staf neergegooi. Toe Moses om dinge geroep het, het hulle om dinge geroep. Vleeslike nabootsing! En hoe gaan jy daarvan wegkom? Dit is nie Metodiste, Baptiste, Presbiteriaan nie. Dis Pinkster, want hulle raak nie eens—hulle raak nie eens die rande, glad nie, daar, die ander nie. Sien? Die profeet het gesê dit sou gebeur. Hoe gaan jy verhoed dat dit gebeur? Die Bybel het so gesê. Geen Woord van God sal ooit faal nie. Dis God se Woord, so ons het dit. Ons sien dit voor ons. Word wakker, mense, voor dit te laat is.

105 Vertrou jy op enige sisteem, enige sensasie, enige isme? Jy moet by God kom, en God alleen. Kom daar, totdat jou lewe verander is en jy 'n nuwe skepsel in Christus word. God sal vir die res daarvan sorg, as Hy wil hê jy moet enigiets doen. Hy, jy's dan op geselsvoet met Hom, Hy sal jou sê. Moenie Dit probeer naboots, en dit te doen soos die ander nie. As *hy* 'n lig gesien het, en ander *een* oraloor geskud het, en die ander *een* iets anders gedoen het, moenie daaraan aandag gee nie.

106 Vyf-en-twintig mense het gisteraand hulle hande vasgehou, om die Heilige Gees te ontvang. Ek wonder hoeveel. As daar 'n honger daar is, 'n klop aan die hart is. Elkeen van julle behoort die Heilige Gees te ontvang net daar waar julle sit, wanneer daardie honger. God is meer gewillig om Dit vir jou te gee as wat jy is om Dit te ontvang. Jy put God se seëning nooit uit nie. Jy put God se goedheid nooit uit nie. Jy kan dit nie doen nie.

107 Kan jy jou 'n vissie voorstel, duim-en-'n-half lank, daar in die middel van die see, wat sê: "Ek moet liewer spaarsaam van hierdie water drink, omdat ek dalk eendag daarsonder gaan wees"? Kan jy jou 'n muis voorstel onder die groot graanskure van Egipte, wat sê: "Ek sal een korrel per dag eet, en toelaat, myself rantsoeneer, omdat ek dalk daarsonder kan raak voor die volgende oes"? Wel, dit sou belaglik wees.

108 En dis meer belaglik om te dink dat jy ooit die genade van Jesus Christus sou uitput, en sy Krag, en Sy begeerte. Hy het dit

in die Woord geskryf. Hy het dit vir jou belowe. En ons is hier, vanmôre, staar die ding in die gesig.

109 Maar wanneer jy die seëninge van God sien probeer uitkom by Sy mense, en sien hulle het dit alles op so 'n manier verdraaid laat raak, Hy kan nie in so 'n gemors soos dit inkom en Sy Woord bring nie. Hy sal dit nie doen nie. Dis al. Die—die houer moet gereinig word. Wanneer ons tussen Pinkstermense kom, vroue met kortgeknipte hare sien! Weet julle dis nie eens algemeen vir 'n vrou om te bid met haar hare geknip nie? Wat het gebeur? Jou moeder sou dit nie gedoen het nie, glad nie. Wat het gebeur?

110 Jy kry 'n klein Ricky op die preekstoel. Jy het een of ander klein geleerde iets uit 'n Bybelskool wat hom verder van God af weggeneem het as wat hy ooit by God sou kon kom. Jy struikel oor die eenvoud van God. Reg. Wat doen jy? Wanneer jy 'n doktorsgraad kry, beteken dit jy's soveel verder van God af. Wanneer jy 'n Ph.D., LL.D., of BA in Kunste kry, is jy net soveel verder van God af. Opvoedkundige sisteem dryf jou van God af.

111 Geleerdheid was die Duiwel se gedagte. Wysheid van die wêreld was die Duiwel se gedagte, van die begin af, vir Eva. En voort daar deur die eeu, het dit eenvoudige geloof om God se Woord te glo, probeer vervang. As Eva maar net God se Woord geglo het, in plaas van om meer wysheid te probeer bekom. Het haar kweekskool-ondervinding daar opgedoen, en sy het die versperrings afgebreek en sy raak . . . het van God af weggekom. En dis wat ons teologiese kweekskole en dinge doen. Dit neem die tradisie van die—van die ding wat daaragter sit.

112 God is eenvoudig. Hy's so eenvoudig, Hy gaan bo-oor mense se kop. Watter dag lewe ons nie in nie! Ons het dan terug na God nodig.

113 Huh! Aanvaar: "Ons dink . . ." Ja. En God moet ons in daardie tradisie aanvaar? Hy sal dit beslis nie doen nie. Hy het dit nog nooit gedoen nie. God het nooit. Ek wil hê een of ander geskiedkundige moet my teregwys as dit so is, my sê waar ooit.

114 'n Man gestuur op aarde met 'n boodskap van God, en dan, sodra hy dit gedoen het, het hy verwikkel geraak met 'n klomp manne en 'n organisasie gevorm. En daardie organisasie het gaan saad skiet. Dit het nooit meer opgestaan nie. God het dit op die rak geplaas. "Dit het geword," soos die klein prediker gisteraand gesê het: "getalle, nie Gees nie." Het die Presbiteriaan opgestaan? Het die Katoliek opgestaan van die Nicaea Raad?

115 Die eerste pinksterkerk was by—was by pinkster. Of, ek bedoel, die Kerk het nooit by Rome begin nie, vir julle Katolieke. Ek wil hê iemand moet my wys waar die Kerk by Rome begin het. Die organisasie begin by Rome, wat die Kerk doodgemaak het. Maar die Kerk het in Jerusalem begin, nie in Nicaea nie. Sien? Sekerlik.

116 Waar het ons begin? Sien? Jy kry. . . God sal ’n man stuur met ’n boodskap, en hy sal opgewonde raak met ’n gewildheid van verskillende dinge, en sy kop opgeblase, en hy maak ’n organisasie. En God sit dit net net op die rak soos Hy met die Katolieke kerk gemaak het, en daar sit ons almal, wat die moeder van die hele ding is. En nou val ons sisteem uitmekaar.

117 O, watter tyd lewe ons nie in nie: ja, verwerp Sy Boodskap, verwerp Sy beloftes, verwerp diegene wat met Waarheid gestuur is. Ons wil hê God moet dieselfde in ons dae doen, net presies soos Hy—Hy toe gedoen het. Ons roep daarna, maar dan bevind ons onsself heel besmet, heel polities, denominasioneles almal besmet met korrupsie van mensgemaakte temas. En ek het ’n klomp goed hier neergeskryf wat ek nie behoort te lees nie. Ek meen ek sal dit maar uitlos.

118 Kyk, keer nou terug na die Waarheid van die Woord. God leef alleen, God wil hê Sy mense moet alleen met Hom leef. Hulle hoef nie verbind te wees aan enigiets, enige sensasie, tradisie nie. Hy wil kinders hê gehoorsaam aan Sy Woord. Hy kan Sy Woord daarin plaas. God het gesê, Jesus het gesê: “As julle in My glo, en My Woorde in julle, vra dan wat julle wil.” Dis óf die Waarheid, óf dit is nie die Waarheid nie. As dit die Waarheid is, sal dit werk.

119 Nou, wil julle weet waar die geheim lê, die krag van die visioene en dinge? Is terug na die Woord. Dis die Woord van God. Jesus was die Woord. Hy was die manifestasie van God. God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen. En Hy was die Woord. “In die begin was die Woord. En die Woord het vlees geword.”

120 En die Woord wil ons vlees gemaak word. Maar wanneer ons heel verbonde is in allerhande soorte goed, en tradisies, en toegelaat word om soos die wêreld te lewe, en sulke dinge, dan van God verwag om dit te doen? Wel, vir seker, Hy sal nie, ek gee nie om hoeveel dinge ons naboots nie.

121 Dit kom na ’n punt, totdat, broer, iets klaarmaak om te gebeur. Ek wil julle nie seermaak nie. Ek wil julle seën. Luister. Een van hierdie dae, sal die Wegraping aankom, en sal die Bruid weg wees, en julle sal niks daarvan weet nie. Hulle sal nie eens ’n Woord daarvan weet nie.

122 Almal aanvaar, sê: “O, een van die dae, sal Jesus loop daar in die lug, en sê: ‘Kom nader, al julle Pinkstermense, of julle Baptiste,’” en ons tradisionele gedagtes daaroor. Dit sal nie so wees nie.

123 My opinie is dit. Eendag toe Jesus het. . . Dit is geprofeteer Jesus sou op die aarde kom. En Hy het gekom, Hy het gelewe, Hy het gesterwe, niemand het iets daarvan geweet nie, kwalik. Nie eens een persent van die Jode het ooit geweet Hy was op die aarde nie. Omtrent ’n honderdste van die wêreld het ooit geweet Hy was daar.

124 Johannes die Doper; van Jesaja, van Maleági, wel, toe hulle van Hom geprofeteer het, het gesê: "Al die berge, die hoë plekke, sal laag gemaak word. Al die lae plekke sal hoog gemaak word. En, o, hoe die ramme. . . Die—die blare sal hulle hande klap, en die berge sal huppel soos rammetjies," al daardie dinge. Wel, daardie tradisionele mense het dit alles uitgewerk, op 'n ander manier. En hier kom Johannes en preek presies soos Hy gesê het, en selfs die dissipels het dit nie geweet nie.

125 Eendag het hulle na Hom toe gekom. Hy het gesê: "Die Seun van die mens gaan na Jerusalem toe."

126 Hy het gesê: "Wel, hoekom is dit dan, dat die Skrif sê, die skrywer skryf en sê vir ons, dat: 'Voor hierdie dinge sal plaasvind, dat Elía gaan kom'?"

127 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie." En toe het Hy vir hulle gesê dit was Johannes. Maar het gesê: "Hy het gedoen net wat die Skrif gesê het hy sou doen, en hulle het aan hom gedoen wat die Skrif gesê het." Sien?

128 Een van die dae, gaan julle wonder, wanneer daardie Wegraping kom. Onthou, daar is omtrent vyf-, agthonderd mense elke dag soek, oor die aarde, waarvoor hulle nie rekenskap kan gee nie. En Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, waarin agt siele gered is."

129 Een van die dae, gaan oordeel die wêreld tref, die nasie tref, die kerk tref, haar skoonvee vir die groot Millennium wat moet kom. En dan gaan julle sê: "Wel, waarom het Dit gesê dat die Wegraping eers kom voor hierdie dinge plaasgevind het?"

130 Hy sal sê: "Dit het alreeds gekom en julle het dit nie geweet nie." Ja. Iemand op sy pad kerk toe; die dametjie wat êrens op besoek gaan; hulle is weg. Jy weet nie wanneer dit gebeur het nie. Het verbygegaan. Dit was altyd so. So sal dit weer wees.

131 Word wakker, Pinkstermense. Skud julle gewete. Besef die uur waarin julle lewe. Dit is 'n ernstige uur. Julle mense, die manier waarop julle julle mense laat maak en optree, en—en dinge. En was altyd, het julle geskaam. O, dit was 'n skande vir 'n Christen om na 'n bioskoop te gaan. Hulle behoort dit nie te doen nie, glad nie. Die Duiwel het julle lekker uitgevang. Hy het 'n televisie net daar in jou huis ingesteek, en die bioskoop na jou gebring, allerhande soorte korrupsie, wat nog, en julle laat dit toe.

132 Kyk na ons skole. Kyk na ons. . . Hier, dogtertjies op die straat, uitgestrek met allerhande soorte onsedelike klere aan. En—en hier in die stad Chicago, elke dertig dae, elke—elke maand word daar dertigduisend aborsiegevalle geregistreer, net in een geval.

133 Hoeveel sondes is gepleeg in hierdie stad verlede nag? Was dit nie beter toe die coyote daar deur die woestyn hier getjank het; en God daarna gekyk het, toe die ou Hopi of Navajo daar deurgegaan het op sy latwerk nie? Kyk dan na hierdie vuilheid en net gemors, en—en tradisies en politiek. En dis 'n bloeiende, nare gemors wat stink in God se neus. Hy sal . . . korrup, voor Hom.

134 Hy sal dit aan stukke blaas, een van die dae. En Hy sal die aarde laat voortbars, en sy sal haarself hernu met vulkaniese uitbarsting. En daar sal dan 'n Millennium kom, waar die regverdige sal uitstap op die as van die bose, volgens nou, Maleági.

135 Voor, nou, onthou, voor dit gebeur, egter, vind daar iets plaas. Ons kry 'n skudding van 'n boodskapper voor dit plaasvind, goed, ons Boodskap nou vir ons dag. Nou let op.

136 Ons let op, met die koms van die Here Jesus, en toe Hy gekom het in Sy dag. Let op in Sy dag, toe Hy gekom het.

137 Nou ons vind uit dat Rome gesoek het na 'n groot militêre genie, 'n messias, wat kon kom en Griekeland van die aarde af skop, en die res van hulle. En—en hy wou hê . . . Hulle het 'n toertjie gehad. Hy het iets gehad waarmee hy die hele res van hulle hulle vir hulleself kon laat skaam. Hulle wou 'n militêre genie gehad het. Dis wat hulle wou hê.

138 Wat wou Israel hê? 'n Messias. Hulle wou 'n messias hê, 'n generaal. Hulle wou hê 'n generaal kom, wat al die Romeine vat en skop, en hulle uit die land uitstoot, en die Koninkryk in Jerusalem vestig. God ken hulle behoeftes. Wat het Hy vir hulle gegee? 'n Baba; 'n Baba, 'n Redder. Hy gee hulle 'n Redder. Hulle het gedink hulle is gered, maar Hy gee hulle 'n Redder.

139 En dis die ding wat dit vandag is. As Hy enigiets na ons toe sou stuur, sou dit 'n Redder wees, wanneer ons dink ons is gered. Hy het geweet waaraan hulle behoefte het. Vandag, kyk na ons politiek, hoe dit korrup is, dieselfde. Wat as—wat as God vandag gekyk het?

140 Kyk na Rusland. Rusland roep om 'n messias. Hulle wil iemand hê, 'n—'n wetenskaplike genie, wat hulle maan toe kan vat voor die Verenigde State aan die gang kom. Sekerlik. Al die res van die nasies soek daarna. Hulle wil 'n wetenskaplike genie hê wat hulle sal ry daar na die maan toe, 'n soort van 'n bom kan uitvind wat alles sal uitvat, ons waterstofbomme kan uitklop en hulle stop; en hulle eie bomme kan vat en dit op almal laat reën voor enigiemand anders aan die gang kom, en dan die hele wêreld oorneem. Dis die soort messias waarna Rusland soek.

141 Negentienhonderd jaar gelede, is die ware Messias gekruisig. Hy het belowe om weer terug te keer. Hy het belowe die Heilige Gees sal weer Sy Lig uitskyn, in die laaste dae. Ek wonder, as Hy kom, of ons sou wees net soos die Jode was in daardie dag. As ons soek, na watter soort messias is die kerk aan die soek?

142 Die Baptis soek na 'n—'n iets 'n bietjie groter as Billy Graham, wat al die Metodiste kan vat, en Presbiteriane, en—en die Pinksters, sê: "Bly julle almal stil. Ek sal een organisasie maak uit julle almal."

143 Waarna soek die Pinksters? Hulle soek na 'n genie om op te staan, wat hulle almal Gemeentes kan maak. En die—en die eenheid soek 'n eenheid wat hulle almal eenheid kan maak. Die kerk van God soek na een, om hulle almal kerk van God te maak.

144 Wat maak julle? Julle organiseer Bybelskole en voed hulle op; en stuur diegene, wat God sou stuur, verder van Hom af weg as wat hulle aan die begin was. Ek weet julle stem nie daarmee saam nie, baie van julle. Maar enigiets . . .

145 My ma het altyd vir ons gesê. Toe ons kinders was, ons het so arm grootgeword; kook velle en—en kry vet, om ons mieliebrood te maak. En elke Saterdagaand moes—moes ons 'n dop kasterolie vat. Ons—ons, ons . . . Ons het, byna, pellagra gehad, van soveel, dieselfde ding eet, van likplant-groente, ensovoorts. En mamma . . . Ek het altyd daardie goed gehaat. Ek haat dit nogsteeds, vandag, wanneer ek dit gaan neem. Ek sou my neus toedruk, en ek sê: "Mamma, ek kan dit nie vat nie. Dit walg my. Dit maak my siek."

146 Sy het gesê: "Enigiets wat jou nie siek maak nie, sal jou nie goed doen nie."

147 Dis wat die probleem is met die Pinksterkerk vandag. Julle wil nie luister na iets wat—wat julle goed sal doen nie. Dit sal julle siek maak in julle—julle teologiese ingewande, maar dit sal julle goed doen. Dit sal julle uitwerk, terug na die Woord van God, en terug na die Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is; en wegneem van al hierdie Bybelskool, teologiese kweekskool, en predikers allerhande grade gee. God het nooit 'n handvol suur appels soos hierdie uitgegee nie. Hy wil hê manne moet Geloof hê, glo wat alreeds geskryf is. Jy hoef nie iets anders te versamel nie.

148 Ek weet dis hard. Ek's nie hier om julle te piep, en julle te laat lag, en julle te laat uitroep nie. Ek is hier om julle die Waarheid in God te vertel. En julle sal sien, eendag, as julle Dit nou nie glo nie. 'n Dag sal kom wanneer julle sal sê: "Dit was reg." Waar. Julle moet terugkeer.

149 Die hele ding is in hierdie toestand. Daar bly niks daarvoor, te kom nie, behalwe die Koms van die Here Jesus. En Hy sal nie kom vir die Gemeentes van God nie. Hy sal nie kom vir die Baptis nie. Hy sal kom vir elke indiwidu. Dis reg.

150 [Leë kol op band—Red.] En sodra daardie Lig daardie Saad getref het, [Broer Branham klap sy vinger een keer.] was hulle *so* in die Lewe.

151 Kyk na daardie teoloë wat daar rondgestaan het, toe hulle gesien het Hy onderskei die gedagtes wat in hulle hart was. Hulle het 'n klomp vleeslike nabootsings gesien, vantevore, en hulle het gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub, 'n fortuinverteller." Dit was teoloë.

152 Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die Duiwel, en sy werke doen julle."

153 Maar toe 'n klein prostituut nadergestap het, daar, na die put in Samaria. En Jesus het vir haar gesê: "Gaan, bring jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

154 Het gesê: "Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy lewe is nie joune nie."

155 Sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n profeet is. Ons weet, wanneer Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen."

Hy het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat."

156 Wat was dit? Daardie Lig het daardie voorbestemde saadjie getref, en dit het gou tot Lewe gekom. Hoeveel verskillend nie van daardie teoloë nie, heeltemal geïndoktrineerd!

157 Sy het in die stad ingehardloop, gesê: "Kom, sien 'n Man wat my die dinge gesê het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messiaanse teken waarna ons moet soek nie?"

158 En die doktore van godsgeleerdheid het rondgegaan, gesê: "Daardie Vent is Beëlsebub." Sien, hulle kon Dit nie verklaar nie. Hulle het geen manier gehad om Dit te verduidelik nie. Toe moes hulle aan hulle gemeente verslag doen, hulle een of ander soort van 'n—'n radikale idee van hulle eie gee.

159 Dieselfde ding het weer gearriveer, en mense wil nie glo nie. Die mense wil nie glo nie. Kerke wil nie glo nie. Geen wonder nie. Jy kan nie daarmee teleurgesteld wees nie, omdat die Bybel gesê het hulle sal dit nie doen nie. Maar dis julle indiwidue, julle wat bestem is tot Lewe. Kyk nou na die velde en sien in watter uur ons lewe. Kom tot Lewe. Laat die Lewe wat in Christus was in julle inkom, die gemoed.

Julle het gesê: "O, ek dink. Ek dink *dit*. Ek . . . "

160 Daar moet geen gedagte na jou toe kom nie. Laat jy die gedagtes wat in Christus was, in jou wees, en dis die Woord. Dis reg. Dink die gedagtes wat Hy gedink het.

161 Nou, nou, ek wonder, vandag, Amerika. Ek sal julle nie baie langer hou nie. Amerika, julle het die hardste geroep. Wat wil julle hê? Ek kom nou huis toe van oor die velde. Wat wil julle hê? Wat wil julle hê moet oor julle heers? Julle wil 'n opvoedkundige genie hê, wat julle wil hê. En julle het hom. Ek wil nie julle gevoel seermaak nie. Wil julle die Waarheid vertel. Julle het hom, selfs al moes julle 'n skelm stemmasjien uitvind. Julle het hom. Amerika, so gesteld op geleerdheid, nie die Bybel nie; op geleerdheid.

162 Die kerke is so gebou op geleerde teologie, een of ander soort mensgemaakte sisteem, geloofsbelydenisse. En die Pinksters het reg in daardie selfde ding ingedryf, net soos dryfhout op die waters, tot oor die dam gegaan. Reg. Julle wil geloofsbelydenisse hê. Julle wil nie 'n Waarheid hê nie.

163 Nou let op. Wat het julle gedoen? Alles was geleer-. . . Julle wil dit so goed hê, todat julle julle televisie uitgekry het, en Mnr. Nixon en Mnr. Kennedy daarop gesit het, om hulle intelligensie te toets, voor julle dit gedoen het. Dan, selfs is daar genoeg goeie mense oor in Amerika wat dit nie sou gedoen het nie; hulle ken ons erfenis. Ons weet waar ons tuishoort.

164 En julle Demokrate! Ek's nóg Demokraat nóg Republikein. Ek's 'n Christen. Maar julle, Demokrate, wat een of ander klein Ricky laat aankom, en julle sal julle geboorteregte verkoop vir julle politiek, en iets instem wat ons nasie gevestig is om van weg te kom, skaam julle. Het dieselfde Agab en Isébel!

165 Julle Amerikaanse vroue wou mode hê. Julle het 'n. . . Julle hoef nie nou na Parys toe te gaan nie. Julle het dit net hier, 'n ware Fransman, om dit vir julle te gee. Julle het julle waterkop-haarstyle, en al julle modes en dinge, wat julle wil navolg. Julle het presies wat julle wil hê. Waarheen gaan hy julle lei? Reguit terug na Rome, presies waar dit vandaan gekom het.

166 En julle Protestante, julle wil hê een of ander groot organisasie moet oor julle lei, oor julle loop, julle oorheers. Julle sal dit kry, julle, Wêreldraad van Kerke. Hoe kan David du Plessis, my vriend, ooit, op hierdie ekumeniese raad waarvan hy praat, en hierdie Pinkstermense daarin inbring? Wat is die probleem met julle, Pinksters, roep daaroor: "Dr. Heilige Vader *So-en-so* kom in"? O!

167 Julle weet die Bybel het gesê: "Moet geen mens 'vader' noem nie." Wat is die probleem met julle? Dis die lering van ons Here. Wat is die probleem? Ken julle nie julle Bybel nie? Ken julle nie julle Here nie? Die Heilige Gees sou jou nie leer om so-iets te doen nie.

168 Besef julle nie dat wanneer hierdie Presbiteriane, Lutherane en dinge probeer inkom, om Dit te kry, is dit die endtyd nie? Hulle kry dit nie. Die Bybel het gesê hulle het nie. "Terwyl hulle kom om Olie te kry, het die Bruidegom gekom; toe hulle gegaan het om Olie te kry." Wat dan nou van die Wegraping? Sien? Die Bybel het gesê, dat: "Toe die slapende maagd kom om Olie te koop." Hoeveel weet dis die waarheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Toe die slapende maagd kom om Olie te kry, het die Bruid ingegaan." Hulle het Dit nie gekry nie.

169 Hulle het teruggekom, en hulle is gewerp in die buitenste duisternis. Wanneer julle hierdie gerug hoor oor soveel Metodiste, Presbiteriane, Baptiste; probleem met julle? Word wakker. Dis later as wat julle dink. Hulle kom terug. Maar hulle

mag 'n emosie gehad het, maar hulle was nie Daar nie. Onthou, hulle was in die buitenste duisternis.

Sê miskien: "Wanneer gaan dit plaasvind?"

170 Het gesê: "Dit mag alreeds wees, een van hierdie môres, en julle sou nie weet waarom, hoe nie." Ek hoop julle kan lees. Ek hoop julle kan, het 'n Gees van Christus genoeg om te weet waarvan ek praat, die Heilige Gees openbaar dit aan julle. Hierdie word op band opgeneem, en hulle gaan die wêreld oor. Sien? Maar julle besef.

171 Net 'n paar dae gelede, toe daardie sewe Engele neergedaal het in daardie visioen. Baie van julle weet daarvan. Het gesê: "Gaan na Tucson en wag daar vir 'n rukkie, en jy sal 'n slag hoor afgaan. Wanneer dit gaan, keer terug." En die Sewe Seëls is geopen by die tabernakel, nou die dag. Toe ek mense gesien kom het, van daar te staan, drie-uur in die oggend, kry 'n plek, om in die ouditorium in te kom, ensovoorts. Gesien die honger harte kom van oraloor. Ek het gedink: "O God, ons moet nou beslis by die einde wees." Onthou: "Die weerklink van die sewende engel, is die verborgenhede van God beëindig." "En daar het 'n Engel uit die Hemel gekom, en gesweer met Sy hande opgehef van die Hemel," Openbaring 10:1 tot 7: "dat tyd nie meer sou wees nie." Presies reg, die uur.

172 Na watter kerk toe kom Hy? Die kerke waarin ons lewe, in Laodicea Kerkeeu, die laaste kerkeeu, wanneer louwarm, net genoeg om rond te dans, sê: "Ja, ek het Dit. Ek het in tale gepraat. Ek het uitgeroep. Halleluja. Ek het Dit." En kom terug in ons kerke, lyk soos 'n klomp Isébels, lyk soos 'n klomp ek weet nie wat nie, korrupsie. Onthou, jou buitekant druk jou binnekant uit. Maak nie saak hoeveel jou getuienis is nie, jou lewe praat harder as jou woorde. O!

173 Ons is hier. Ons het gearriveer. Iets maak gereed om te gebeur. Dit kom van Bo af, nie van enige van hierdie dinge hier nie. Dit kom van Bo af. God sal Christus stuur. Amen.

174 Ja, ons het ons genie. Waar is hy? Nou wil julle 'n genie hê, die kerkwêreld. Ek bedoel nie julle indiwidue hier nie. Dit word op band opgeneem. Wat daarvan? Julle wil dit hê. Julle sal dit kry, gaan reguit in die raad van kerke in, die einste ding waaruit julle gekom het, om te wees wat julle is. En dan lei julle organisasie julle weer reg terug daarin, presies net waaruit julle gekom het, die ding wat God vervloek het, daardie besmetting, vuilheid, en smerigheid. Wel, in daardie raad van kerke, glo sommige nie eens in die maagdelike geboorte, die Koms van Christus, of niks anders nie. "En hoe kan twee saam wandel tensy hulle saamstem?" Daar het jy dit.

Wel, dis tyd, skat ek, vir my om op te hou.

175 Broer of suster, onthou net dit, ons is by die eindtyd. Geleerdheid het die plek van redding ingeneem. Die

kerkdenominasie het die plek ingeneem van die Liggaam en Bruid van Christus. Sit in al daardie korrupsie, dis wat julle wil hê. Dis wat die mense wil hê. Dis wat in die Amerikaanse kerk is. Dis wat in die Pinksters is. Hulle wil nie hê iemand moet hulle nie die Waarheid kom vertel nie. Hulle wil Dit nie hê nie. Vertel jy hulle; sê hulle: "Ek hoef nie na sulke goed soos Dit te luister nie," trek hulle neusie op en stap by die gebou uit. Hulle sal nie Daarna luister nie. Waarom? Dis wat in hulle hart is. Hulle druk uit presies wat hulle is. Watter een van die profete het ooit in die ou dae gekom? Watter tyd het Christus gekom? Watter boodskapper ooit het ooit van die Hemel af gekom wat die kerk nie verwerp het nie? Ons is hier. Die wêreld val uitmekaar. Die kerk val uitmekaar. Die sisteme val uitmekaar. Waarom? Omdat dit 'n sisteem buite God is. Dit is dit. Ons is—ons is by die eindtyd. Daar's niks anders wat gedoen kan word nie. Ja, meneer. Alles, onthou.

176 Laat ons net hierdie vraag vra voor ons voortgaan. Wat as—wat as Rusland hulle messias sou kry? Wat sou met ons gebeur? Sien? Laat ons onthou, Duitsland het hulle s'n gekry, nie lank gelede nie. Ons onthou dit goed. Hulle het hulle messias gekry, hulle Hitler, hulle genie. Wat as Rusland hare sou kry, wat sou gebeur? As daar nie 'n God van genade in die Hemel was nie, weet ek nie wat ons sou doen nie, en ons hoop sou verlore wees.

177 Daar's 'n ware Kerk. Daar's 'n Kerk wat wag vir die Koms van die Here. God sal dit altyd skenk, maar net diegene wat bestem is. Julle sê: "Watter goed sal dit doen om te staan, as dit hierdie soort sisteem is?" Daar's 'n voorbestemde Saad. Wanneer daardie Lig tref, sal hulle dit *so* vang. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] Sy sal blom. Hulle sal blom, sommer nou. Sekerlik.

178 Andere sal sommer reg daar bo-oor gaan. Hulle sal in hulle sisteem glo. En dis soos dit altyd is, soos dit was in die dae van Noag. Hulle het dieselfde ding geglo.

179 Diegene wat bestem was tot Ewige Lewe, hulle het Dit gekry. "Geen mens kan na My toe kom nie," het Jesus gesê: "tensy My Vader hom trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Ons hoef slegs die Saad te versprei, die Lig te werp. O, elkeen van julle behoort 'n vuurtoring te wees.

180 Julle Pinksters wat aanspraak maak om soveel te wees! Julle Pinksters wat aanspraak maak om die beker van die goue rande van die seëninge van Christus te soen! Julle vroue wat hier kan gaan en toelaat en doen, en die predikers van hierdie eeu julle laat uitlok en julle vertel dis in orde vir julle om julle kinders daardie kortbroek te laat dra, en julle vroue, oumas, wat hulle hare knip. En weet julle nie dat die Bybel gesê het dat 'n vrou . . . 'n Vrou wat haar hare afsny, die Bybel het gesê haar man het 'n reg om haar weg te sit. "Sy's oneerbaar." Dit was altyd verkeerd. Verf? Daar's net een vrou in die Bybel wat ooit

haar gesig geverf het, en dit was Isébel. En God het haar vir die honde gevoer. So julle sien wat dit sou wees, gewone hondevleis. So moenie—moenie . . . Bly maar weg van daardie dinge af. Dit betaam Christene nie. Ja.

181 Sê julle daarvan. "Wel, ek behoort aan die Gemeentes. Ek behoort aan die eenheid. Ek behoort *hieraan*." Dis reg. Dis waar jy behoort. Maar as jy aan Christus behoort het, sou dit anders wees.

182 Wanneer die Woord van God en die Saad van God daarin was, sou dit 'n voorbeeld van Christelikheid uitblom. Dit sou iets uitblom waarvoor die wêreld sou lag en mee sou spot, soos dit gemaak het met die Here toe Hy gekom het, soos gemaak het met elke profeet wat gekom het. Hulle het gelag en met hulle gespot, en hulle in die grafkelders gegooi. Maar daar kom 'n opstanding. Hierdie wêreld, mense kan óf lewe vir hierdie wêreld, die wêreld wat moet kom. Hang af van waarby jou gedagtes is, dis daar waar jou ook. Laat dit by die Hemel en die Koms van die Here wees. Wees 'n voorbeeld van vroulikheid. Wees 'n voorbeeld van manlikheid. Wees 'n voorbeeld van Christen. Lei die Lewe. Doen wat reg is.

183 Mense is vandag, selfs ons evangeliste, so op geld ingestel. Alles, hulle moet soveel geld belowe word en yslike groot dinge, en bou groot instansies en dinge soos daardie, net mooi die ding waaruit Pinkster uitgekom het. Daar is ons, weer net reg terug daarin. Wat is dit? Alles skittering en glans. Weet julle, alles moet skitter. Hollywood skitter, reg, maar die Evangelie gloei. Daar's 'n groot verskil tussen skitter en gloei. Waar die—die kerk blink, wat Hollywood-modes is, grootste kerke, sy hoogste toring, die besgeklede skares, ensovoorts, dit skitter daarmee, die grootste lidmate. Die Baptiste het, in '44: "'n Miljoen meer in '44" gehad, onder Dr. Billy Graham en baie van hulle.

184 Toe ek by Billy Graham se ontbyt gesit het, hier nie lank gelede nie, in ons stad. Die man, die evangelis, 'n groot man van God! Ek bid vir hom, voortdurend. Hy lê oorkant, siek. Ek het verering vir hom. Hy's die tipe wat daar oorkant in Sodom ingegaan het, en daardie Sodomiete uitgebring het, elkeen wat uitgebring kon word.

185 Maar, onthou, die Uitverkore Kerk was nie in Sodom nie. Daar was 'n Engel wat daar gebly het, ook, en Hy het hulle 'n teken gewys, die Uitverkore Kerk.

186 Maar toe hy het, het daar gestaan, en ek het hom daar sien staan, hy het gesê: "Wat is die probleem hier?" Het gesê: "Ek . . . " Gesê: "Hier's die voorbeeld." Het gesê: "Paulus het in 'n stad ingegaan, en hy het een bekeerling gehad. Hy het teruggegaan, 'n jaar later, wat het hy, gebeur? Hy het dertig by daardie een gehad." Het gesê: "Ek gaan in 'n stad in, het dertigduisend bekeerlinge in ses weke. Ek kom terug 'n jaar later en kan nie

dertig kry nie. Wat is die probleem?" Hy het gesê: "Dis julle lui predikers." Het gesê: "Julle vat julle besluit-kaarte, en sit julle voete êrens op die lessenaar, en bel hulle op die telefoon." En het voortgegaan. Ek het die man bewonder vir sy moed.

187 Ek haat dit om 'n verwyfde te sien, een of ander denominasionele marionet. Ek—ek hou van 'n man, 'n God-gestuurde man wat by sy oortuigings staan, ongeag. Wanneer hy verkeerd bewys word, dit erken, en terugkom en oor begin. Dis reg.

188 En hy het daar gestaan en so gepraat. En ek het gedink. Ek het gesit by Dr. Mordecai Hamm, tot waar, hy's 'n persoonlike vriend van my, Baptiste broer. En ek ken hom al, o, vir jare en jare en jare, en ons het saam geassosieer. En ek en hy het saam aan die tafel gesit. Ek het na sy huis gekom. Ons het saam daarheen gekom. Ons het daar gesit.

189 Ek het gedink: "O, goeiste!" Hoe? Nie om te onderbreek of iets oor die groot evangelis te sê nie. Maar ek het gedink: "Billy, watter een van die predikers in Antiogië, toe Paulus in Antiogië ingegaan en sy een bekeerling gekry het, watter prediker daar het daardie bekeerling gevat, en, in sy kantore, privaat, en hom gevoed en met hom gepraat?" Daar was nie een nie. Wel? Paulus het hom so ver anderkant die dinge van die wêreld geneem, o, tot God gewortel en gegrond was in sy hart. Daardie apostel het nooit daardie een siel laat gaan, voordat hy nie regtig gewortel en gegrond was in Christus nie.

190 En, vandag, wat doen ons? Ons bring hierdie klein ou meisietjies nader, en mans en vroue, behoort aan die kerke, en hulle neem 'n besluit, in die uur van beslissing, en sulke dinge. Bring hulle in, en stuur hulle net weer uit, na soos hierdie. En wat? Hulle het nêrens gekom, in elk geval nie. Hulle het niks as net 'n bietjie emosionele opgewerkheid gehad, deur die Woord nie. Dit sal dit werklik doen. Sien? Dit sal dit doen. Dit sal 'n emosie laat ontstaan. Dis wat gebeur het met Pinkster. Dit het gegaan onder emosie. Wat het van dit alles geword?

191 Evangelisme, dis 'n net wat uitgaan. Jesus het gesê: "Werp in die see." En toe hy voortgebring het, het dit waterskilpaaie, terrapins, slange, paddas, en wat nog daarin gehad. Maar onthou, hulle was dit van die begin af. Daar was vis ook daarin. Maar ons besigheid om te trek. God se besigheid om te sê wie is vis en wie is nie. Sien? Waarom wou hulle nie? As hulle net so ver geneem was in die Koninkryk van God in, daardie dertigduisend, as wat Paulus se een was, sou hy, as hy teruggekom het, vierhonderd-en-dertigduisend gehad het. Sien? Omdat hulle hart so aan die brand sou wees.

192 Soos klein Broer Crow gisteraand gesê het. Ek het sy—sy—sy moed bewonder. Ek het sy standvastigheid bewonder, om by sy oortuiging te staan. Wanneer die Lig skyn, staan hy daar. Jy

sal hom nooit in enige van hierdie sisteme inruk, as hy bly soos hy is, en dan so voortgaan nie. Hoe bewonder ek nie 'n man van daardie soort nie! Ja, meneer.

193 Laat enigeen sê of ek soos'n weerhaan lyk. Ek sou liewer soos 'n weerhaan lyk, vir God, as een of ander opgeverfde Mardi Gras vir die Duiwel. Jy moet soek, na iets, in elk geval. Dis presies reg. Daar het julle dit. Maar, sien, dis die sisteemdinge waarin ons lewe en waarmee ons vandag werk. Daar het julle dit. Die hele ding het korrup geraak, reg tot op die kern toe.

194 Nou het ons ons Ricky daarbo. Nou wat gaan julle met hom maak? Sien? Hulle vlieg net in soos—soos swartvoëls. Presies reg. Die hele kabinet, die hele ding, alles, miljoene-dollar sisteem. Dis wat julle wil hê. Dis wat die kerk wil hê. Dis waarom julle ingekom het. Dis nou so maklik om in die kerke in te kom. O, goeiste! Die Pinksters, al wat jy hoef te doen is 'n bietjie bewe, 'n bietjie spring, of sê jy het een of ander soort getuienis. Enigeen kan getuig.

195 Julle behoort saam met my na Indië te gaan, 'n slag, en luister hoe die Hindu's getuig. Hy sal julle beskaamd laat word, vir julleself. Reg. Julle behoort terug te gaan in Afrika, die Hottentotte, en laat hulle 'n dier doodmaak en hulleself oral vol bloed smeer. Luister na hulle getuienisse, en sensasies, en praat in tale, sekerlik; aanbid 'n afgod, sprinkel met bloed.

196 O God, hoe wens ek ek kon elke persoon hier dit laat sien! Sekerlik. Die Duiwel boots elke—elke ding wat God uitbring na. Hy boots dit na. Selfs tot God se Waarheid, hy boots Dit na. Dis presies waar. Let op. Daar is hulle. Maar wat wil die kerk hê?

197 Die nasie wil iets hê wat hulle kan kry, nie 'n president daarbo, wat sou gaan sit daar in die kabinet, hierdie nonsens sou stop, en hierdie stede so droog laat raak met. . . van dranksmokkelaars, hulle sou hulleself 'n halfuur lank moet aanklam om genoeg vog te kry om te spoeg nie. Maar—maar hulle—hulle wil nie so-iets hê nie. Hulle wil een of ander kêrel daarin hê wat hulle al die bier gaan gee wat hulle wil hê, en dit wettig, hom dan arresteer as hy te dronk word; en—en verkragting, en malhuise, en wat nog is, en duisende wrakke op die pad, dronk bestuurders. En hulle gaan hier op die pad uit, en laat jy 'n dronk bestuurder uitgaan en iemand omry en hom doodmaak, word hy verskoon. En, vir my, is dit voorbedagte moord.

198 Laat 'n kêrel, op die feesvier uit, en uitkom en 'n pistool afvuur, twee of drie keer, in die lug, en hulle sal hom so ver agter in die tronk instuur, hy sou verkanker voor jy hom uitkry. Wat is dit? Daar het jy dit. Daar's jou sisteme van die wêreld. Daar's geen geregtigheid daarin nie.

199 Hierdie man, gepraat oor die Verenigde State regering. Vir seker, elke regering in die wêreld word beheer deur die Duiwel,

elke sisteem. Elke . . . Jesus het so gesê. Satan het erken: "Hierdie is almal myne. Ek doen met hulle wat ek ook al wil." Waarby is ons, dan, vandag? Kyk waar staan ons.

Nou wat moet ek sê, ter afsluiting hiervan, vriend?

200 Julle sien die politieke wêreld val uitmekaar. Ons gaan reguit terug na Rome toe, hier in die Verenigde State, net so vinnig as wat ons kan gaan. Die Bybel het gesê ons sal dit doen, Openbaring 13. En daar is ons. Wat het dit gedoen? Hulle moes 'n groot klomp organisasies hê, gaan in die Openbaring 17: "Die ou moeder hoer en al haar dogters." Daar aan sy reguit terug, elke denominasie reg by haar. Daar is hulle. Hulle het 'n Farao wat opgestaan het, wat Josef nie ken nie, en hier gaan ons, die hele ding. En selfs ons Pinskterleiers, lei almal reg in daardie groot skittering van Hollywood in, en neem die mense in, met 'n groot sluk. Van 'n . . . O, dis 'n . . .

God, help hierdie nasie. God, help hierdie mense.

201 Soms sal dit 'n kêrel laat lus voel om in die straat te gaan en uit te roep. Maar ek weet die Bybel sê, dat: "Geen mens kan kom tensy My Vader hom trek nie." Ek weet dat hierdie dinge moet gebeur in hierdie dae. Ek sien die Lig, die Lig van God, sprei voort. Ek sien die valse daar oorkant; en al die gloed en . . . of, die skittering en gloed, tesame. En wat moet ek doen?

202 Here Jesus, help my trou bly tot U kom. Laat my staande bly, O God. Laat my my standpunt inneem en hier bly, Here, net beweeg soos U my beweeg.

203 Wat kan ek sê vir daardie mense wat God werklik glo? Ek het 'n aaklige prent geskilder. Ek het minstens twintig bladsye hier, maar dis te laat, net van 'n bietjie konteks wat ek neergekryf het by 'n teks. Wat moet ek vanmôre sê? Wat moet ek by julle laat? Of, waarby is julle?

204 Ek het julle organisasies veroordeel, nie julle veroordeel nie. Ek veroordeel die sisteem wat julle by die punt gebring het waar julle is. Ek veroordeel julle nie, my broers in die bediening. Julle kry die verkeerde indruk van my. Ek probeer julle help. Wat as ek jou op 'n boot rivier af sien gaan het, na die valle toe, en ek het geweet daardie boot kan daardie valle nie af nie? En ek skree vir jou: "Kom daar uit!" Dis nie omdat ek nie van julle hou nie. Dis omdat ek julle wel liefhet. Daardie sisteem waarin jy is sal na die hel gaan waaruit dit gekom het.

205 Het gepraat met 'n ou man nou die dag. 'n Seuntjie het in 'n winkel ingekom, daar in Tucson waar ek was. Het ingegaan om 'n bietjie—bietjie Special K te koop vir ontbyt. Daar het 'n seuntjie daar gestaan, sigarette gekoop. Het gesê: "Vir wie is hierdie, jou moeder?"

Het gesê: "Nee. Dis vir daardie seun wat daar sit."

Gesê: "Is hy oud genoeg?"

Hy het gesê: "Ja."

206 Ek het vir die winkelman gesê, ek het gesê: "Hy word nooit oud genoeg nie." Sien? Maar julle . . .

207 Die—die mense begin dink dis in orde. Rook is gewildheid. En die kerke pas net konserwatief drink toe, net moderne drinkery. O, om gesondheidswil! Wat doen jy . . . Waar kry julle daardie goed? Dis uit 'n sisteem, nie uit God se Woord nie. "Hy wat selfs maar sy buurman sterk drank gee." Sien? Sekerlik dit is. Dis—dis ruïnering, smet van ons nasie, Hollywood skittering. En dis daar waarby ons gekom het, in so 'n gemors soos hierdie. Hier is ons in daardie soort toestand.

208 Hierdie ou man het vir my gesê, hy het gesê: "Wel," gesê: "ek voel jammer vir hom." Het gesê: "Dis soort van moeilik, van—van . . . daarvoor, vir ons om op te hou. Is dit moeilik? Sou dit nie vir jou moeilik wees om op te hou nie?"

Ek het gesê: "Ek het nooit begin nie."

209 Hy het gesê: "O, jy rook nie." Gesê: "Ek bewonder jou, kêrel." Hy was omtrent sewentig jaar oud.

Ek het gesê: "Dankie."

Hy het gesê: "Net soos whiskey, net so."

En ek het gesê: "Ek drink nie."

210 Hy het gesê: "Wel, ek admireer dit." Gesê: "Ek dink dis 'n . . . As 'n man wil tuiskom, 'n glas bier drink," gesê: "dis in orde. Maar wanneer hulle hierdie vroue vat, en hulle is daar op die strate, en gaan tekere, dronk, en loop rond . . . Haar man gaan werk toe, dan het hulle die kar gevat, en uit en weg."

211 Ek het gesê: "Hulle behoort nooit 'n vrou agter 'n wiel toe te laat nie." Kêrel, as ek daar was, sou sy dit nie doen, as ek enigiets daaroor te sê gehad het nie.

212 Hulle sê die vroue is die veiligste bestuurders. Ek is 'n internasionale reisiger. Ek en my seun, deurkruis hierdie nasie, het 'n boek in die—in die kar gesit. En elke keer wat 'n flater gemaak, op die pad begaan is, het ons dit afgemerk, "man" of "vrou." En uit driehonderd, was daar tweehonderd een-en-tagtig van hulle veroorsaak deur vroue; negentien van hulle deur mans. Dis presies. Tog, sy sit daar en stoot haar hare terug. En sy draai *so* uit, en maak 'n linkerhand s'n regs, en alles. Maar, o, natuurlik, die polisie gaan dit nie sê nie. Hulle het hulle in die polisiemag. Watter skande!

213 Wanneer 'n vrou uitkom van agter die tafel in die kombuis, in die huis, sorg vir haar eie bedieninkie wat God haar gegee het, haar babas, is sy buite die wil van God.

214 Plaas haar in 'n preekstoel, is sy buite die wil van God. Daar's geen Skrif vir 'n vrouepredikerin nie. Ek wil hê 'n man moet my dit staan en vertel, my in die gesig kyk. Daar's geen so-iets nie. Dit,

Pinkster is die grondvlak van daardie goed. Was nooit nie! Adam is eerste gevorm, en toe Eva. Adam is nie bedrieg nie. Maar, tog, julle doen dit. En julle sien waar julle julleself beland het? Ver hier op 'n tak uit, wat, julle nie nou op kan terugkom nie. Maar daar gaan julle. Dit is dit. Dis die wêreld. Dis wat julle wil hê. Dis wat julle wil hê. Dis wat julle gekry het. Sien?

215 Maar aan diegene wat soek na 'n Koninkryk Wie se Bouer en Oprigter van God, ons ontvang 'n Koninkryk.

216 Ons soek nie na 'n denominasie nie. Ons soek nie... Hoewel, diegene wat God liefhet, ons soek nie na een of ander denominasionele genie nie. Ons soek nie na 'n yslike groot wiskundige wat hier kan staan en ons vertel hoe om meer getalle te maak, ensovoorts, en gaan uit in die strate en werk onsself dood om lidmate in te bring nie. Wat het jy? Jy bring meer varke na die hok toe. Dis al. En wat kry dit wanneer dit daar kom? Afvalkos. Presies.

God laat hulle gebore word in 'n Koninkryk in, Daarbo. Dis presies reg.

217 Een of ander knaap gee Billy Graham, ek skat julle het dit gelees in die *Post*, 'n skrobbering, oor wat hy gedoen het. Bob Jones het gesê Billy Graham...Bob Jones het heelwat lawaai opgeskop, het hy nie? Reg. Billy Graham het meer gedoen vir die Koninkryk van God in hierdie paar jaar wat hy in die veld is, as wat Bob Jones sou kon doen as hy 'n miljoen jaar langer hier gebly het. Dis reg. Maar wat sê hy? "Billy Graham kom net uit en sê, wel, hy het geen denominasie nie, neem hulle na hulle toe." God seën die man daarvoor. Ja, meneer. Wat doen jy? Jy bring hom in, maak hom 'n tweevoudig meer kind van die hel, as wat hy was, toe jy hom op die straat opgetel het.

218 Die dissipels het hulle nooit na enige denominasie toe geneem nie. Hulle het hulle met die Heilige Gees vervul laat raak en in die Koninkryk van God in. En daar het die Heilige Gees oorgeneem. Ja, meneer.

219 Nou, maar hulle het gesê hy is dit verskuldig aan die kerk, deur nie te neem die organ-...hulle almal in organisasie te laat ingaan nie. Ek skat hulle is almal veronderstel om te behoort aan Bob Jones Kollege. Sien? Dan was hulle regtig uit hulle lyn uit. Nou, en al hierdie hier genaamde, sogenaamde fundamtaliste, en al die goed daar. Dis onsin.

220 Waarna soek ons, vriende? Wat is ons? Die ware Kerk soek nie na 'n denominasie nie, soek nie na 'n president nie, soek nie na 'n genie om op te staan nie. Maar hulle soek na 'n Koninkryk en 'n Koning wat moet kom. Wat is die Koninkryk? Dis nou op aarde. Dis 'n Gees, mistieke Liggaam van Christus. Daarin, het hulle ingekom uit Presbiteriaan, Metodiste, Pinksters, en alles. Hulle is in hierdie Koninkryk. Hulle is Daarin gebore. Hulle het Daarin gekom deur die doop van die Heilige Gees, en hulle is in hierdie

Koninkryk. En ons soek na Koning om na hierdie Koninkryk te kom, wat Sy Koninkryk hier op aarde sal opstal, op Sy—op Sy troon, die troon van Dawid. Hy sal heers en regeer vir ewig. Dis waarna die Kerk soek.

221 En wat goed is daaraan, vriende, is, dink hieraan. Voor ons by hierdie Koninkryk uitkom . . . Voor hierdie Koning kom, kan ons nou saam sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, gelig bokant al die skaduwees van al die korrupsie van die wêreld, en al hulle televisieprogramme, en al hierdie ander onsinnighede wat hulle vandag op die wêreld het, en al hulle verrotte besmetting en sisteme, en alles. Opgelig word in Hemelse plekke! En die Heilige Gees, Self, kom op ons, en praat en noem vir ons ons sondes, en sê vir ons hoe om reggestel te word, en wat ons gedoen het in die lewe, en wat ons doen. Dis die Heilige Gees, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dis die Koning wat eendag na Sy Koninkryk sal kom. En Sy Koninkryk word nou gevestig in die harte van Sy mense hier op aarde.

222 God seën julle. As ek nooit . . . Julle hou dalk hierna nie van my nie. Sien? Julle hou dalk nie van my nie, maar eendag gaan julle besef dat Dit die Waarheid is. Nou, God seën julle. Ek gaan julle nie langer hou nie, maar ek wil hê julle moet dit onthou.

223 Ons soek na 'n Koninkryk, en ons ontvang nou 'n Koninkryk wat nie beweeg kan word nie. Ons ontvang iets in ons harte, wat daar geen duiwels in die hel is wat dit kan uitskud nie. Daar's niks.

224 Hierdie ou man daar, nou die dag, het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek sê jou." Hy het gesê: "Dis wat dit is, meneer." Ek het hom gesê ek is 'n prediker, waarom ek nie gerook en gedrink het nie, ensovoorts. Hy het gesê: "Wel, ek—ek admireer dit." Hy het gesê: "Dis reg." Het gesê: "Toe ek in die polisiemag was, was alles," gesê: "jeugmisdaad. Dis al wat ons vandag het."

225 Ek het gesê: "Meneer, ek wil nie van jou verskil nie. Maar," het ek gesê: "dis nie jeugmisdaad nie. Dis ouermisdaad. Die ouers is die oortreders, dis reg, om hulle kinders so te laat maak." Hulle benodig 'n . . .

226 Dit, julle, wat het julle gedoen? Julle sit 'n *True Story*-tydskrif op julle tafel, in plaas van die Bybel. In plaas van bidure, moes julle êrens heen uitry en iets anders doen. Dis wat vandag die probleem is met die wêreld. Dis wat die probleem is met ons genoemde Christene; dans, partytjies, en sosiale drinkery, en, o, alles. Sien? Dis ouermisdadigheid, nie kindermisdadigheid nie. Die ouer is afvallig. Dis die een. Let op.

227 Ek het gesê: "Wat het gebeur, meneer?" Ek het gesê: "Jy staan hier. Ons is twee mans wat nooit tevore ontmoet het, in die lewe nie. Jy's . . . " Hy het gesê hy is iets in die sewentig jaar oud, het dit sommer terloops gedoen. Ek het gesê: "Ek is 'n prediker." En ek het gesê: "Jy verteenwoordig die siviele wette van die land. Ek

verteenwoordig die morele wette van die land." En ek het gesê: "Nou, as iemand jou siviele wette verbreek het, wat het gebeur? Jy het hulle in die tronk gesit, het jy nie? Jy het hulle reguit tronk toe gestuur as hulle die siviele wette verbreek het."

Hy het gesê: "Dis reg."

228 Ek het gesê: "As hulle hierdie wette verbreek, gaan hulle hel toe." Ek het gesê: "'n Regverdige regter wat . . . God, na Sy Woord . . . Daardie gevalle is gebaseer op die wette van die nasie. En wanneer bevind word hulle is oortree, dan is daar niks behalwe boete doen nie. En enige wet wat nie 'n strafbepaling het nie, is nie 'n wet nie. Reg." Ek het gesê: "Om God se wet te oortree, Sy Woord, is die Ewige skeiding van Sy Teenwoordigheid." Ek het gesê: "Nou sien jy waarby ons is."

Hy het gesê: "Die Here seën jou. Waar preek jy?"

En ek het gesê: "Net enige plek waar ek 'n oop deur kry."

229 Daar het jy dit. Sien? Net 'n ou man van daardie ouderdom, sien, en sien dit maar op daardie tydstip. Oortree die wette van God, wat Sy Woord is, en jy's op pad hel toe. Dis al wat daaraan is. Dien God nou.

230 Ons kom in hierdie Koninkryk in deur Heilige Gees doop. En wanneer ons Daarin kom, nie 'n skyngeloof nie. Sommige, ek het nie . . .

231 Nou, julle, moenie—moenie dit in jou kop kry: "Nou, Broer Branham glo nie dat jy in tale praat nie."

232 Ek glo wel dat jy in tale praat. Maar kyk net na hulle wat in tale praat, en Dit nie het nie. Kyk na die . . . Kyk hoe hulle optree en hoe hulle maak. Jy kan sien hulle het Dit nie. Sien?

233 Kyk na die kerke vandag, sê: "Ons is die Kerk." Elkeen van hulle: "Ons is die Kerk."

234 Daar's net een Kerk, en dis die mistieke Liggaam van Christus. Wanneer jy Daarin kom, word jy Daarin gedoop deur die Heilige Gees, en Dit verander jou hele wese.

235 Nie lank gelede nie. Ek sal dit sê, sommer met betrekking tot iets wat my binnegeskiet het. Ek en die vrou, verlede somer, het ek tuis gekom, van een van die dienste af. Ons het kruideniersware gaan koop. Ons het 'n—'n vrou gekry wat 'n romp dra. Dit was iets vreemds in ons land. Hulle is almal nakend. So, toe het ons daardie vrou gesien. Sy . . . En ons het sommige van daardie vroue herken wat—wat behoort aan en sing in kore in kerke daar. En sy het gesê, my vrou het gesê: "Billy, wat laat daardie vroue . . ." Het gesê: "Waarom—waarom doen hulle dit?" Het gesê: "Ons mense . . ." Gesê: "Wonder waarom?"

236 Ek het gesê: "Ons—ons—ons is dit nie. Ons behoort nie aan daardie koninkryk nie." En sy het gesê . . . "Wel," het ek gesê: "hulle is nie ons soort mense nie."

237 En sy het gesê: "Wat bedoel jy?" Gesê: "Is ons nie Amerikaners nie?"

238 Ek het gesê: "O, nee. Nee, meneer." Ek het gesê: "Gaan ek na Duitsland, vind ek 'n Duitse gees, 'n nasionale gees. Gaan ek na Swede, vind ek 'n Sweedse gees. Gaan ek na Indië, vind ek 'n nasionale gees. Kom jy Amerika toe, vind jy Ricky, daardie soort gees, o, 'n weet-dit-alles."

239 Hou hulle dop wanneer hulle na die ander land toe kom. Dit laat jou naar voel om selfs te dink jy is Amerikaans, soos hulle optree. Dis reg. Dis die mense wat die naarste optree, die vermetelste, onafhanklikste, opgevoede idiote. Dis reg. En die ander wêreld weet dit. Geen wonder, ons probeer ons vriendskap koop met ons dollars. Jy koop nie vriendskap nie. Nou, daar's 'n manier . . . Ons nasie is verrot tot op die wortels. Dis reg. Daar's geen hoop daarvoor nie. Dis alles weg. Daar's net een ding om na uit te sien, die Koms van die Here. Ja.

Sy het gesê: "Wel, is ons nie Amerikaners nie?"

240 Ek het gesê: "Nee. Ons woon hier. Ons woon hier. Daar's nie . . . " Ek het gesê: "Wel," het ek gesê: "sien jy, daardie mense is Amerikaners. Hulle het die Amerikaanse gees. Hulle maak soos Hollywood, wat Amerika regeer; haar kleredrag, haar modes, haar godin, ensovoorts. Dis net mooi presies wat hulle doen. Nou," het ek gesê: "hulle is Amerikaners. Ons is van Bo. Die vroue in ons kerk, hulle doen dit nie. Hulle leef heilig, skoon."

241 Vat jy 'n vrou wat daardie soort klere dra, en buite op die straat kom. Ek gee nie om hoe moreel jy probeer lewe nie, aan die einde van die eeu gaan jy 'n egbreekster genoem word. As enige man na jou kyk, om jou te begeer, en jy het die proposisie vir hom aangebied, is jy skuldig aan egbreek pleeg. Jesus het so gesê. Jy mag so rein wees vir jou man of kêrel, as jy maar kan wees. Maar as jy so aantrek en 'n sondaar kyk jou aan, moet hy daarvoor verantwoording doen, by die Oordeelsdag, en jy het jouself aangebied.

242 Word rein, vroue. Keer terug na God. Dis . . . Ek gee nie om wat hulle oor jou sê nie. Gaan terug na God.

243 Vroue was altyd op 'n voetstuk geplaas gewees. Sy's die ruggraat van 'n nasie. En nou waar is sy? Sy het dit oor haarself gebring. Sy's geag . . . Hulle lig nie eens hulle hoede, om met hulle te praat, of niks anders nie. Dis sommer daardie toestand. Wat het hulle gedoen? Dit het dit oor hulleself gebring.

244 Waarom het dit begin? Een of ander Ricky op 'n preekstoel, met 'n soort van 'n kweekskool ondervinding, 'n marionet vir een of ander organisasie, in plaas van 'n man van God om daardie Woord te vat en hulle Daarmee aan stukke te skeur. Reg. Dis wat ons in die kerk het.

245 God, wees genadig. Laat ons na hierdie Koninkryk gaan. Laat ons gaan na waar ons kan vind en ons kan lewe volgens daardie Koninkryk, dan is jou—jou gedagtes heilig. Jou dinge, ons gedagtes, is Bo, waar jou erfenis lewe.

Laat ons ons hoofde buig.

246 Met erns, vra ek julle hierdie vraag. Sommige van julle mag selfs nie vanaand terugkeer nie. Dit mag my laaste keer wees van jou ooit op aarde te sien. Jesus mag voor die nag kom. Daar mag voor die nag 'n verwoesting wees. Dit kan gebeur, weet julle, te eniger tyd, van daardie geheime Koms van die Kerk.

247 Julle sê: "Broer Branham, 'n ruk gelede, toe jy gesê het: 'Die Kerk sou kon gaan en ons sou nie weet nie'?" O, ja. Die Bybel sê dit. Nee, hulle sal niks daarvan af weet nie. Dis 'n geheime Koms. Hy kom in die geheim en steel Sy Kerk weg. Neem Haar weg, soos 'n boek wat ek eenkeer gelees het, van Romeo en Juliet. Sien? Hy kom om Haar te haal, niemand weet iets daarvan nie.

248 Die wêreld sal sê, wel, twee of drie hieruit sê: "Wel, iemand het gisteraand soek geraak." En ver oor die land, nog twee of drie. Dis wat Hy gesê het sou gebeur. "O, hulle het êrens heengegaan. Hulle . . . 'n Meisie het 'n fout gemaak. Sy het weggeloop. 'n Man, hy het weggeloop, iemand anders se vrou." Hulle is Weggeraap. En hulle weet niks daarvan af nie. Honderde van hulle gaan elke dag, en hulle weet niks daarvan af nie. Sien?

249 Voor daardie tyd gebeur, sal jy nie regmaak met God nie? Ek moet julle ontmoet by die Oordeel. Ek het julle lief. Ek skel nie op die Pinkstermense nie omdat . . . Ek kom nooit tussen julle om 'n beskuldiging vir julle te wees nie. Ek kom omdat God my gestuur het. Ek kom in die Naam van die Here Jesus. Het ek julle ooit iets verkeerds gesê? Het enige van julle leiers ooit opgestaan om my te probeer sê ek was verkeerd? Ek sou hulle vra om dit te bewys. Hulle weet van beter as dit. Goed. Nou, julle het . . . Baie van julle was in die dienste. En julle weet dat ek dit nie sou gesê het, vanmôre, tensy ek geweet het hierdie stad het dit nodig nie. Dis heeltemal oorgegee aan alles vuilheid en slyk. Julle het Christus nodig.

250 Sou jy graag 'n ware Koninkryk van God wou ontvang, waar jou hele wese verander word; jy getransformeer word en jy 'n nuwe skepsel gemaak word; 'n hele bloeisel van Lewe, van Ewige Lewe, in jou is die dinge van die wêreld dood? Ek gaan julle nie vra om na enige altaar te kom nie. Ek gaan julle vra vir julle opregtheid. As jy werklik begeer, en wil hê ek moet bid, soos wat ek die diens afsluit, steek jou hand op, sê: "Bid vir my, Broer Branham." God seën julle. Mooi, omtrent negentig persent.

251 Ons Hemelse Vader, soos ek afgekyk het net voor ek my oë gesluit het, Here, en hierdie publikasie hier gesien het, hierdie advertensie in 'n koerant: "die verhaal van Tony Fontane,"

blondines, truuks, dansery op die platform, musiek, immoreel-geklede vroue, mans.

252 Jesus het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien toe julle gegaan het om Johannes te sien; 'n man van sagte kleding, omgedraaide boordjies, ensovoorts? Nee." Het gesê: "Hulle is in konings se paleise. Het julle gegaan om 'n—'n riet geskud deur die wind te aanskou; iemand wat sou wou hê 'n organisasie moet iets 'n bietjie beter as die ander bied en hy sou daarheen gaan? Nie Johannes nie. Hy was nie 'n riet deur die wind geskud nie. Hy het nooit toegegee oor enige van julle dinge nie." Het gesê: "Wat het julle dan gegaan om te aanskou, 'n profeet?" Het gesê: "Ek sê vir julle, meer as 'n profeet."

253 Ons Vader, God, ons besef daar is geen hoop meer oor vir die kerk organisasie nie. Dis weg, Here. Dit was teen U wil, aan die begin. Daar's geen hoop vir die nasie nie. Dis weg.

254 Ons het al gesien, hierdie nasie, net 'n volmaakte patroon van Israel. Hoe toe Israel in hulle tuisland ingekom het, en—en die bewoners uitgedryf het, soos ons ingekom het en die Amerikaanse Indiaan uitgedryf het. En hoe hulle groot manne gehad het in daardie dae: Dawid, Salomo, Josua. En so het ons ingekom en die inboorlinge uitgedryf, en ons land gevestig, ons ekonomie, op vryheid van godsdiens, toe ons gebind was deur dogmas en dinge. Ons het groot manne gehad, 'n Washington, 'n Lincoln. Maar, uiteindelik, soos die jare verbygegaan het, het hulle uiteindelik 'n Agab ingestem wat 'n opgeverfde Isébel gehad het wat die modes van die wêreld daargestel het. So het ons die einste selfde ding gedoen. En nou sien ons dieselfde ding plaasvind. In daardie dag, het U 'n Elía gehad om dit te staan en veroordeel. O, hoe het hulle hom nie gehaat nie, maar hy—hy het gestaan. Sy stem sal steeds bly staan op die Oordeelsdag.

255 En, Vader, stuur 'n Elía na ons. Stuur na ons die Stem van die Bybel, die Stem van God, om Dit te bevestig. En bewys dat U God is, dat U dieselfde doen gister, vandag, en vir altyd, dat die mense sal weet. Sonder enige huiwering, hulle sien dat dit die Waarheid is. En mag mense . . .

256 Soos die vroutjie by die put, was betrokke by allerhande goed, maar toe daardie Lig oor haar paadjie geflits het waarop sy geloop het, het sy iets gesien. Sy was nooit meer dieselfde nie. Sy het gekom by 'n Fontein wat sy nooit voorheen besoek het nie.

257 Skenk, Here, vandag, dat baie vandag sal sien dat daar 'n Fontein oop is, en die Woord van God is steeds van uitwerking vir elkeen wat wil glo en Dit ontvang. Baie hande het opgegaan, Here Jesus. Hulle is desperaat in nood. Ek glo hulle het dit bedoel. Ek kan kwalik dink dat—dat mense wat probeer, en in hierdie Pinkster ingekom het, omdat hulle uit hierdie modes en dinge uitgekom het, en gesien het daar is niks aan hulle nie. En hulle het reg hierin gekom, om hulleself te bevind in

dieselfde soort konglomerasie van—van Hollywood, dieselfde soort opvoedkundige program, groot koppe, soos ons dit op aarde noem, Here. O, hoe . . . God, help hulle. Sal U, Vader?

258 En ek—ek glo dat hulle nie hulle hand kon opsteek, tensy daar Iets daar was om hulle hulle hande te laat opsteek nie. Daar is 'n Gees om hulle heen. En hierdie manne en vroue, negentig persent van hulle, miskien, Here, dat hulle besef daar is iets verkeerd en hulle—hulle wil dit nie so hê nie. En nou, volgens die wetenskap, kon hulle nie daardie hand lig nie; swaartekrag hou daardie hand af. Maar hulle kan die wetenskap trotseer, want hulle is menslike wesens en hulle het 'n gees wat daardie hand kan beveel om op te kom, en dit sal opkom.

259 En, God, U het die mens so begunstig met . . . oor vrye morele keuse, om sy eie besluite te neem. En nou staan daar 'n Gees langs hulle wat vir hulle sê dat die einste gees waaromheen hulle aanbid het, verkeerd was, en hulle wil 'n besluit hê. En die Gees wat om hulle heen is, die Heilige Gees, laat hulle hulle hande opsteek en sê: "Gee vir my God." Here, U ken hulle harte. Ek bid dat die Heilige Gees sal kom invloei, soos 'n dam wat êrens gebreek het, en die invloeiende, opgegaarde verwagtinge van die Heilige Gees hulle siele sal verlewendig met ware Vuur, van liefde van God wat daar brand, vir die sterwende mensdom; nie vir organisasie nie, maar vir die sterwende mensdom; nie vir politiek, soos wat hulle die organisatoriese wêreld sien uitmekaar val nie. Hulle sien die politieke wêreld uitmekaar val. En die . . . Hulle V.N., 'n yslike groot rubberballon wat rondgestoot word deur elke wind van—van politieke doktrine, gestoot eenkant toe en anderkant toe. En, O God, hulle sien die . . . hierdie raad van kerke, soos hulle dit sogenaamd noem. Hulle sien dit stuur hulle reg in 'n lokval in, Here, soos 'n spinnekop wat 'n web spin.

260 God, mag Pinkster wakker word, spoedig, Here, terwyl daar tyd is vir hulle om wakker te word. Maak hierdie stadjie hier wakker, Here. Maak hierdie vroue wakker wat hier sit. Maak hierdie mans wakker. Moenie dit laat verbygaan nie, Here.

261 Soos die Katolieke kerk, wakker geword het na Sint Patrick. Soos die Joodse kerk, wakker geword het na Elía, toe sy graf versier het. Soos die Katolieke kerk, wakker geword het na Jean D'Arc. Hulle herken dit nie terwyl dit aan die gang is nie. Maar nadat dit weg is, dan besef hulle. Soos die kerk, het wakker geword nadat Jesus gekruisig is. Te laat, dan. Hulle het dit al gedoen gehad.

262 O God, maak die Pinkster wakker. Ek het hulle lief, Here. Hulle is die mense . . . Hulle—hulle help voed my kinders. Here God, laat hulle weet dat die Boodskap van God nie uit hulle organisasie of geledere hoef te kom nie. U laat opstaan wat U wil. U is God. Skud hulle siele vanmôre, Vader, en bring hulle terug

na 'n besef dat Jesus Christus dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd. En ons sit nou in Sy Teenwoordigheid, in Hemelse plekke, synde verhewe deur die Woord. Hulle is U s'n, Here. Maak met hulle soos U goed vind. Ek bied hulle vir U aan, as trofeë van die Boodskap, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

263 Ek het Hom lief. Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As ons suster ons 'n akkoord sal gee: "Ek het Hom lief. Ek het Hom lief." Is julle vir my kwaad? ["Nee."] As jy is, kom hiernatoe en skud my hand, en laat ons bid. Sien? Ek het julle die Waarheid vertel, die sterwende Waarheid, van die Evangelie. Eendag besef julle dit dalk. Moenie dat dit te laat wees nie. Kan ons staan, net vir 'n oomblik?

Ek het Hom lief . . .

Doen julle dit wel? Steek julle hande op.

. . . ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota.

264 Nou, Metodis reik uit na die Baptis, eenheid reik uit na die drie-eenheid, en kerk van God, reik uit na die Gemeentes. Elkeen van ons, terwyl ons dit sing, sê met opregtheid: "Ek het jou lief, broer, suster. Ek sal vir jou bid. Jy's my broer, suster." Laat ons dit nou weer doen.

Ek . . . [Broer Branham praat met party broers—Red.]
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op . . .

265 Nou, Gemeentes van God, kom kyk *Hierna*, agterna, en bekeer jou dan. Bid vir jou organisasie, of kom uit so 'n groef soos hierdie uit. Die Gemeente van God het sommige ware godsvrugtige manne daarin. Ek ken hulle. Die eenheid het werklik godsvrugtige manne tussen hulle. Dis reg. Die kerk van God het ware godsvrugtige manne. Die Baptiste, die Metodiste, hulle het godsvrugtige manne. Maar dis die sisteem wat hulle so hou, marionette vir die sisteem.

266 "Ek . . ." Laat ons nou ons hande ophef tot Hom wat ons liefhet. "Ek . . ." Julle hele hart nou, "Ek het Hom lief."

Goed. Broer Demos.

Die Wêreld Val Uitmekaar AFR63-0412M
(The World Is Falling Apart)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagoggend, 12 April 1963, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale ontbyt by die Western Skies Motel in Albuquerque, New Mexico, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org